Onbeperkte LIEFDE

1 Korintiërs 13

40 DAE VAN ONBEPERKTE LIEFDE
"Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het." - 1 Joh. 4:19
LIEFDE is deel van die gelowige se lewe (veronderstel om te wees)

So baie is al oor LIEFDE geskryf;

So baie is al oor LIEFDE gepraat;

So baie is al oor LIEFDE nagedink;

So baie is al oor LIEFDE gedroom.

Gedurende die volgende 40 dae gaan jy die geleentheid kry om daagliks na te dink oor LIEFDE. Nee, meer nog, om LIEFDE onbeperk te probeer LEEF.

God gee die gawe van LIEFDE vir elke gelowige, ook vir jou! Ons liefde vir God is om hierdie gawe van LIEFDE in ontvangs te neem en dit onbeperk te gaan uitleef.

Ek is in my hart daarvan oortuig dat daar 'n ontsettende BEHOEFTE aan LIEFDE in Jeffreysbaai en omgewing is. Ek is nog meer oortuig daarvan dat ons as gelowiges hierdie GELEENTHEID moet aangryp om GOD SE LIEFDE, sy allerbeste gawe aan ons, daagliks en orals te gaan uitleef. My gebed is dat jy daarin sal slaag om hierdie 40 dae doelgerig deur te werk EN dat jy God se LIEFDE onbeperk sal gaan uitleef.

Mag dié Skrif ons **dring** in dié jaar se 40 dae:

2 Kor. 5:14-17

“Die liefde van Christus dring ons, omdat ons tot die insig gekom het dat een vir almal gesterwe het, en dit beteken dat almal gesterwe het. En Hy het vir almal gesterwe, sodat dié wat lewe, nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en uit die dood opgewek is. Ons beoordeel dus van nou af niemand meer volgens menslike maatstaf nie. Al het ons Christus vroeër volgens menslike maatstaf beoordeel, nou beoordeel ons Hom nie meer so nie. Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.”

Die Boodskap weergawe:

:14 “Ek weet dat Christus se liefde ons almal aanvuur.”

Wenke

- Dit wat jy in die volgende dae gaan lees, is grootliks ‘n samevatting van “Jesus-beginsels vir doelgerigte liefde” (Tom Holladay). Ek wil sterk aanbeveel dat jy self ook die boek aanskaf.
- Skakel in by ‘n groeigroep en/of begin self ‘n groeigroep waarbinne julle saam JESUS-liefde kan uitleef!
- Aan die einde van elke week, is daar groepstudies met die oog op die week se dagstukkies. Dit kan in julle groeigroep gebruik word. Dit sluit nou aan by “40 dae doelgerigte liefde” van Rick Warren.
- Hou mekaar op hoogte met al die Jesusliefde-verhale!
  (“What’s your story” voortgesit)

Met die LIEFDE VAN JESUS!
Begeleidingspan, spanleiers, skryfspan en Dr Michiel van der Merwe

INHOUDSOPGAWE



Beginsel 1 – Mark. 12:29-31 **6**
Beskou verhoudings as van die grootste waarde
Dag 1-1 Niks is belangriker as verhoudings nie 6
Dag 2-2 Die aanloklikheid van minder belangrike dinge 8
Dag 3-3 God liefhê met jou hele hart 9
Dag 4-4 God liefhê met jou hele siel 11
Dag 5-5 God liefhê met jou hele verstand en al jou krag 12
Dag 6-6 Elkeen liefhê as jou naaste 13
Dag 7-7 Iemand liefhê as jou naaste 15

Beginsel 2 - Joh. 13:34 **20**
Liefhê soos Jesus jou liefhet
Dag 1-8 Die onmoontlike uitdaging 20
Dag 2-9 Die krag van Jesus se opdrag 21
Dag 3-10 Die krag van die nuutheid 23
Dag 4-11 Gevoelens is belangrik! 24
Dag 5-12 Tree dadelik op, tree drasties op 25
Dag 6-13 Kies om te deel in gemeenskap, kies om te vergewe 27
Dag 7-14 Kies om te aanvaar, kies om op te offer 28

Beginsel 3 – Mat. 12:34 **33**
Kommunikeer met jou hart
Dag 1-15 Kommunikasie is nie maklik nie! 33
Dag 2-16 Die fondament is vertroue 34
Dag 3-17 Die verbinding tussen mond en hart 36
Dag 4-18 ‘n Nuwe soort eerlikheid 37
Dag 5-19 God is deel van die gesprek 39
Dag 6-20 Hoe om regtig gehoor te word 40
Dag 7-21 Hoe om probleme met kommunikasie uit te ken 44

Beginsel 4 – Mat. 7:1-2 **49**
Soos jy oordeel sal jy geoordeel word
Dag 1-22 Die gevaar van veroordeling 49
Dag 2-23 Sê nee vir skynheiligheid 51
Dag 3-24 Sê ja vir integriteit 53
Dag 4-25 Betoon nou genade 55

Dag 5-26 Om God se genade te verstaan 56
Dag 6-27 Om God se oordeel te verstaan 57
Dag 7-28 Om die waarheid oor jouself raak te sien 59

Beginsel 5 – Mat. 23:11-12 **63**
Die wat dien, is die belangrikste
Dag 1-29 Die begeerte om belangrik te wees 63
Dag 2-30 Hoe nederigheid ambisie hanteer 64
Dag 3-31 Hoe nederigheid ons behoefte hanteer om raakgesien te word 66
Dag 4-32 Hoe nederigheid ons neiging hanteer om te vergelyk 67
Dag 5-33 Hoe nederigheid ons verhouding met God beïnvloed 69
Dag 6-34 Die wingerdstok en die lote 70
Dag 7-35 Die daaglikse besluit om nederig te wees 72

Beginsel 6 – Luk. 6:31 **75**
Behandel ander soos jy behandel wil word.
Dag 1-36 Die groot vraag 75
Dag 2-37 Liefde is bereid om op te offer 77
Dag 3-38 Om jou vyande lief te hê 78
Dag 4-39 Vergeet van die ideaal, hanteer die werklikheid 80
Dag 5-40 Jesus se beginsels oor verhoudings 81

40 DAE-GEBED:

Drie Enige God, ek kom buig voor U in liefde.
Laat u liefde my meer geduldig maak.
Laat u liefde my meer vriendelik maak.
Laat u liefde my help om ander se belang te soek.
Laat u liefde my leer om nie boek te hou van die kwaad nie.
Laat u liefde my leer om meer soos U lief te hê.
Amen

VERBINTENIS

Bereken die koste ("ponder"/gedagte)

Luister na wat God wil doen in sy gemeente, in julle groep of in jou lewe vir hierdie sewe byeenkomste. Staan stil en wees bewus van sy teenwoordigheid. Maak jou oë, ore en hart oop vir wat om jou aangaan in die gemeenskap. Stel jou beskikbaar as instrument van liefde.

Prakties

Ons ken die gedagte van "pay it forward" om prakties iets goed te doen vir ander (''simple acts of love") wat ons daaglikse lewe kan inkleur en ander liefde te laat belewe.

- Dink aan iemand wat baie vir jou beteken of beteken het, vir wie jy nog nie bedank het nie. Dank God vir die persoon en stuur 'n boodskap vir iemand en bedank hom/haar vir wat hulle vir jou gedoen/beteken het, bv. oud-onderwysers.
- Gebruik sosiale media slegs vir positiewe kommunikasie.
- Besoek mense wat alleen is of swaarkry
- Gebruik jou talente om iets spesiaal vir iemand te gee of doen.
- Gebruik jou besittings of eiendom om iemand mee te seën.
- Reik uit na leiers in die gemeenskap en laat hulle weet dat jy vir hulle bid bv. munisipale hoofde, skoolhoofde ens.

JESUS SE VERHOUDINGSBEGINSELS VIR ONBEPERKTE LIEFDE
"Nou wys ek julle wat nog die allerbeste is: DIE LIEFDE" – Vgl. 1 Kor. 13:1

Week 1

Beskou verhoudings as van die grootste waarde
"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag... Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" - Mark 12:29-31

Week 1 **(dag 1-1)**

NIKS IS BELANGRIKER AS VERHOUDINGS NIE

"Die eerste is: ' Luister, Israel, die Here ons God is die enigste Here. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag.' Die tweede is: ' Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." – Mark. 12: 29-31

Die drie algmene woorde vir liefde in die Griekse taal is:

Agape — die tipe liefde wat God vir ons het en ons vir Hom en mekaar moet hê
Filos — 'n vriendskaplike tipe liefde tussen mense.
Eros —'n passievolle en romantiese tipe liefde

Oor die sewe byeenkomste heen, gaan ons veral meer kyk na die agape-liefde.

Verhoudings ("Relation-ships")

Die Engelse woord "relationships" bring ons terug na Pinkster met die woord "ship" (boot).
Met wie staan ek in verhouding ("relation")— wie is in my "ship" (boot)?
Dink aan *man en vrou, ouers en kinders, uitgebreide families, vriende, werksomgewings, werkgewer-werknemer, werkskollegas, skool, ensovoorts.*

Van die begin tot die einde is niks belangriker as verhoudings nie.
In die begin het God jou vir verhoudings geskep. Hy het jou gemaak om in ‘n verhouding met Hom en ander te staan. As jy nie goed doen in verhoudings nie, mis jy die belangrikste rede waarvoor God jou op hierdie planeet geplaas het.

Verhoudings kan pynlik wees. Dink aan ‘n egpaar wat op die rand van egskeiding staan of die ouers wat nie tot hul kind kan deurdring nie. Om nie eers te praat van die kinders wat teleurgestel word deur hul ouers nie.

Verhoudings kan ook wonderlik wees. Dink aan die verhouding waarmee ander al moed opgegee het, en dan kom daar tog versoening. In groeigroepe word dikwels vriendskappe geskep wat die begin van ‘n nuwe lewe beteken.

‘n Lewe sonder verhoudings mag ‘n eenvoudiger lewe wees, maar dit is ook ‘n leë lewe. Die pad na die volste moontlike lewe en die grootste moontlike vreugde, word gevind in die prioriteit wat Jesus ons geleer het om bo-aan die lys te plaas: Heg die grootste waarde aan verhoudings.

Wees eerlik met jouself:
Hoe belangrik is verhoudings vir jou?
Hoe beleef jy jou verhoudings?

_____

_____

_____

_____

Onthou:
Alleenlik wanneer ek toelaat dat Jesus met my ‘n verhouding (van LIEFDE) kan aanknoop, sal ek in staat wees om met ander in ‘n verhouding van LIEFDE te kan leef.

Gebed:
DANKIE Jesus, dat U ook met my persoonlik in ‘n verhouding van LIEFDE wil leef.

Week 1 **(dag 2-2)**

DIE AANLOKLIKHEID VAN MINDER BELANGRIKE DINGE
(GOD VERSORG SY KINDERS)

"Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie?" – Mat. 6:25

Klein dingetjies kan soms ons aandag van God en sy wil wegtrek. God fokus op verhoudinge. (Die belangrikste van alles is, julle moet mekaar…)

Heg die grootste waarde aan verhoudings!

Nie aan geld nie, maar aan verhoudings, eerstens met God en dan met ander mense. Nie aan tyd nie, maar aan verhoudings, eerstens met God en dan met ander mense. Nie aan dinge nie, maar aan verhoudings, eerstens met God en dan met ander mense. Nie aan jou werk nie, maar aan verhoudings, eerstens met God en dan met ander mense.

Verhoudings is die belangrikste.

Jesus se lewe wys hoe Hy die behoeftes van mense en die werk wat Hy moes doen in balans met mekaar gebring het:

- Terwyl Hy onder druk van die skare was om gou by Jaïrus se sterwende dogter uit te kom, het Hy gaan stilstaan om aan 'n skaam vrou die geleentheid te gee om haar geloof te toon (Mark. 5:21-43)
- Toe die dissipels vir ouers vertel het dat Jesus se dagprogram geen tyd gelaat het vir hulle kinders om by Hom te wees nie, het Jesus daardie kindertjies juis na Hom laat kom! (Mark. 10:14)
- Jesus en sy dissipels beplan om van die skare af weg te kom, en tog ontmoet hulle 5 000+ mense. In plaas daarvan om hulle weg te stuur sodat hulle self vir hulle kos kan gaan koop, gee Hy vir hulle kos.(Mark. 6:37)
- Jesus maak tyd om met 'n vreemde vrou by 'n put te gesels, terwyl sy dissipels reken dit pas nie by 'n man om met 'n vreemde vrou in die openbaar te praat nie. (Joh. 4)

Wees eerlik met jouself:
Wen jy die saak of argument?
Of wen jy die persoon – ook vir Christus?

Onthou:
God verwag nie van my dat ek groot dinge doen nie. Hy verwag wel van my dat ek daarna strewe om uitmuntendheid in my verhoudings te bereik.

Gebed:
DANKIE Jesus dat U u persoonlike verhouding met my so belangrik gestel het! Amen.

Week 1 **(dag 3-3)**

GOD LIEFHÊ MET JOU HELE HART

"Beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook
al hierdie dinge gee." – Mat. 6:33

Een woord tussen Jesus se woorde oor die liefde vir God kom baie duidelik na vore. Die woord "hele". Hele hart. Hele siel. Hele verstand. En dan al jou krag. Hom liefhê met jou hele hart.

Jou hart is waar jou gevoelens gesetel is. Ek kies om te fokus op die emosionele kant van die breër begrip van "hart" in die Bybel. Hierdie fokus

is nodig, want ons uitdrukkings van liefde vir God vertoon dikwels ‘n formaliteit wat ons geloof kan uitblus. Ons Vader wil graag hê dat sy kinders hulle gevoelens van liefde vir Hom sal toon!

God se beginsels verander nie ons lewe nie. Wat dan? Dit is jou geloof in God se beginsels wat jou lewe verander! Jou verhoudings gaan nie verander omdat jy meer feite en gedagtes en beginsels oor verhoudings ken nie, selfs al is hulle God se beginsels nie. Die vermoë om te verander begin met geloof – dit begin deur God te vertrou – en dan op grond van daardie geloof op te tree.

‘n Praktiese manier hoe om God met jou hart lief te hê, is om hardop (en met emosie) met Hom te praat. Dawid se hart kom tot rus wanneer hy hardop in gebede met God praat. Kyk bv. na Psalms 6:7; 18:1-3; 24:8; 25:16; 55:-5-6; 38:10; en 38:18-19.

Wees eerlik met jouself:
Vertel ek vir God hoe ek regtig voel?
Of vertel ek Hom wat ek dink Hy graag van my wil hoor?

_____

_____

_____

_____

_____

Onthou:
As ‘n mens God eerste in jou lewe wil plaas, begin jy by die woord “hele”.

Gebed:
DANKIE Jesus dat U u hele self vir my gegee het! Amen.

WEEK 1 **(dag 4-4)**

GOD LIEFHÊ MET JOU HELE SIEL

"Geseënd is die wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word." – Mat. 5:6

Ons weet almal waar is ons hart of verstand (brein), maar waar is ons siel?

Die Ou Testament gebruik die woord "nefesj", wat "om asem te haal" beteken. Agter hierdie woord skuil die gedagte dat God die lewe in ons geblaas het. Die Nuwe Testament gebruik die woord "psige" wat te doen het met ons wil, dryfkrag en passie waarmee ons lewe.

Om God met jou hele siel lief te hê, beteken om Hom met passie op te soek. Anders gestel, beteken dit dat ons God passievol liefhet. Dink aan Jesus se voorbeelde in die verband. Die skaapwagter wat sy 99 skape in die kraal los om daardie een verlore skaap te gaan soek tot hy hom kry.

Dit is wat dit beteken om God passievol lief te hê – jy los alles om God passievol te soek. Om God met jou hele lewe lief te hê, moet jy Hom persoonlik liefhê. Wanneer jy God liefhet, het jy Hom op jou unieke manier lief – met die unieke persoonlikheid waarmee Hy jou geskape het.

Hierdie uniekheid maak dat jy God wil liefhê op die manier wat Hy dit verkies! Dan gaan dit nie om jou wil nie, maar God se wil vir jou lewe! Die feit dat ons ons siel op God se wil fokus, bring mee dat ons baie mense beïnvloed!

Wees eerlik met jouself:
Is jy bereid om 'n blanko papier vir God te gee, met jou handtekening onder-aan, en Hom dan toe te laat om enigiets daarop te skryf wat Hy van jou kan verwag?

Onthou:
As ons God liefhet, is dit op 'n unieke manier – soos wat Hy ons geskape het. Daarom is ons in staat om dit dan uit te leef!

Gebed:
DANKIE Jesus dat U my so geskape het, sodat ek U kan dien! Amen.

WEEK 1 **(dag 5-5)**

GOD LIEFHÊ MET JOU HELE VERSTAND EN AL JOU KRAG

"Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig." – Fil. 4:8.

Om jou gedagtes op God te rig is maklik om te verstaan, maar moeilik om te doen. Daar is so baie ander dinge in ons lewe wat ons gedagtes kan oorneem, ten koste van die liefde van God.

Wat kan jy doen om 'n verskil te maak aan die manier waarop jy dink? Om God met jou hele verstand lief te hê, moet jy God se woorde in jou verstand plant. As jou verstand net vol is van jou eie gedagtes of die gedagtes wat ander by jou ingeplant het, sal jy natuurlik gefrustreer wees wanneer jy probeer om gedagtes van aanbidding te koester.

Die waarheid van God se Woord het die krag om die kanaal van jou denke te verander. Fokus gerus op elke frase van ons teksvers:

- Alles wat waar is – dink na oor God se waarheid: Hy is lief vir jou!
- Alles wat edel is – fokus op die dinge wat God sou wou hê jy moet raaksien.
- Alles wat reg is – maak seker wat God se wil vir jou in elke situasie is.
- Alles wat rein is – fokus op dit wat Jesus vir jou aan die kruis gedoen het!
- Alles wat mooi is – word bewus van die daaglikse wonders wat God jou gee.

- Alles wat prysenswaardig is – soek iets van God se karakter in ander mense.
- Deug – word gemotiveer deur God se grootheid.
- Lofwaardig – vier in jou gedagtes wat God besig is om te doen.

Oefen dit nou met 'n gedagte wat nou by jou opkom. Laat toe dat God dit verander!

Wees eerlik met jouself:
Waaraan dink jy op hierdie oomblik?
Hoe wil God hê moet jy hieroor dink?

_____

_____

_____

_____

_____

Onthou:
Dit wat in jou gedagtes is, bepaal jou hele lewe.

Gebed:
DANKIE Jesus, dat U my gedagtes so wonderlik kan vernuwe! Amen.

WEEK 1 **(dag 6-6)**

ELKEEN LIEFHÊ AS JOU NAASTE

"Jy moet nou naaste liefhê soos jouself." Luk. 10:27

Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan leer dat ek nie die omvang van my liefde kan beperk nie. Elke keer as ek die woord "naaste" beperk tot 'n kleiner groep as "elkeen", mis ek die betekenis van Jesus se woorde.

Laat ons eerlik met onsself wees dat ons baie maklik grense aan ons liefde wil stel. Waarom is dit belangrik dat ons nie grense aan ons liefde sal stel nie? Ons verloor God se soort liefde die oomblik wanneer ons dit op ons self neem om dit te begrens.

Niemand van ons is in staat om God se soort liefde vanuit eie krag te lewe nie. Dit is die punt. God verwag van ons om op Hom te vertrou vir die krag van liefde. Daarom daag Hy ons uit om lief te hê op 'n manier wat ons alleen kan vermag deur daagliks van sy krag afhanklik te wees.

Ons stel nie net grense aan ons liefde, as gevolg van ons verskille met ander nie. Ons stel ook dikwels grense aan ons liefde, as gevolg van vrese. Ons is dikwels bang vir die eise wat dit aan ons mag stel om ander lief te hê.

Om op God se manier lief te hê, is die grootste risiko wat jy ooit sal neem! Dalk het jy iewers langs die pad al baie seer gekry in jou manier van liefde uitleef. Ander mag jou teleurstel – maar Jesus sal jou nooit in die steek laat nie.

Wees eerlik met jouself:
Wie almal is buite jou grense van liefde?
Wat gaan jy hieraan doen?
Hoe kan jy God vertrou om jou te help om iets hieraan te doen?

_____

_____

_____

_____

_____

Onthou:
Jy kan altyd op Jesus reken, wanneer jy waag om iemand oor grense heen lief te hê.

Gebed:
DANKIE Jesus dat U u grense afgeskaf het, deur my lief te hê! Amen.

WEEK 1 **(dag 7-7)**

IEMAND LIEFHÊ AS JOU NAASTE

"Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief te hê." – 1 Joh. 4:1

Liefde is baie meer as net 'n gesindheid. Dit moet in praktiese dade 'n werklikheid word. Die vraag is of so iets moontlik is om liefde vir elkeen op jou lewenspad te koester? Ons kan tog nie in almal se behoeftes voorsien nie?

Jesus is ons Leermeester en voorbeeld. Hy leer ons hoe om elkeen lief te hê. Jesus kon fisies net by een persoon of groep op 'n keer uitkom, toe Hy nog op aarde was. Hy het dan hierdie persoon of groep so oorlaai met sy liefde, dat hulle nie anders kon as om dit aan ander te gaan uitleef nie.

Voortdurende liefde kan alleen getoon word by een geleentheid op 'n keer. Ons moet die keuse maak om die paar mense daadwerklik lief te hê wat vandag op ons pad kom. Ons moet God hierin vertrou dat Hy vandag die regte mense op ons lewenspad sal bring.

Dit is ironies dat diegene wat die gesondste verhoudings het, ook dikwels die gemaklikste daarmee is om alleen by God te wees. Neem, weereens, vir Jesus as voorbeeld. Hy het baie tyd daaraan bestee om alleen-tyd met sy Vader deur te bring. Dit was 'n gesprek-tyd vir Jesus. Aan die een kant het Hy met sy Vader gepraat. Aan die ander kant het Hy ook na Hom geluister.

Jesus het beslis baie waarde aan verhoudings geheg. Hoeveel te meer behoort ons dit nie ook te doen nie?

Wees eerlik met jouself:
Hoe gemaklik is jy met 'n alleen-tyd saam met God waarin albei 'n spreekbeurt kry?

_____

_____

God ontmoet en leer ons onder andere deur sy algemene openbaring (die natuur), deur sy Gees, sy Woord, deur ander gelowiges of deur omstandighede.
Het jy al op die strand gaan sit en net geluister na die golwe en probeer om na God te luister? Om tyd met God te spandeer maak die deur oop om iets groter as onsself te beleef.

maak tyd.

Onthou:
Voortdurende liefde kan net by een geleentheid op ‘n keer uitgedruk word.

Gebed:
DANKIE Jesus dat U u verhouding met my so verskriklik hoog ag. Amen.

GROEPSBYEENKOMS 1

LIEFDE MAAK DIE MEESTE SAAK

"Julle moet die liefde nastreef" – 1 Kor. 14:1

1. Verwelkoming

a) Welkom by hierdie eerste byeenkoms oor liefde en verhoudings! As julle groep nuut is, staan tyd af om julleself aan mekaar voor te stel. Gee ook die kinders en jongmense beurte om te vertel hoe hulle week sover was.
b) Vertel vir mekaar wat jy hoop hierdie studie vir elkeen gaan beteken.

2. Inleiding

a) Vind uit by die jongste en oudste persone wat hulle definisie van liefde is. Hoor wat het hulle in gemeen en wat verskil.
b) Wie is die liefdevolste persoon wat jy ken? Wat maak hierdie persoon anders?
c) Watter praktiese raad, dink jy, sou die persoon kon gee oor hoe jy liefde met die mense in jou lewe kan deel?
d) Daag die jongspan uit om 'n Dankie sê- of Word-gou-gesond-kaartjie vir iemand te maak en te gee in die week en sodoende liefde te bewys.

3. God se Woord

Lees: 1 Kor. 13:1 – 14:1a

*__Gebedstyd__ (sien die gebed op bl. 2).
Doen 'n gebed en vra God om die woorde wat julle gelees het, vir julle deur die Gees in julle harte vas te maak. Bid vir onderskeiding, liefde en 'n oop hart gerig op God. (Die jongspan is welkom om verder deel te neem, of julle kan voor die tyd papiere en skryfbehoeftes voorberei sodat hulle solank aan die kaartjies kan werk.)

a) Wat leer God se Woord ons oor liefde?
b) Waaroor gaan liefde? (lees ook Mat. 22:37-39)
c) Wat beteken dit om die Here met jou jou hele wese lief te hê?
d) Watter deel is vir jou die moeilikste - om God lief te hê, OF om jou naaste lief te hê?

e) Watter aspekte van liefde word in 1 Kor. 13: 1-3 bespreek? Hoe leef ‘n mens liefde? Kyk na al die “doen”-woorde in vers 1-3.
f) Wat leer jy hieruit rakende die verband tussen liefde en die lewe? Wat sê dit vir jou oor jou eie lewe?

4. Samevatting
Ons kan ‘n paar stellinge maak op grond van dit wat ons nou geleer het:
a) Liefde maak die meeste saak!
b) Die lewe gaan oor verhoudings.
c) Woorde sonder liefde beteken niks nie.
d) Jy kan nooit uitstekend wees sonder liefde nie.
e) Geloof sonder liefde het geen invloed nie.
f) Dit is nie ‘n bewys van liefde as jy net vir iemand iets gee nie.
g) Verhoudings weeg swaarder as prestasies.
h) Die Here wys vir ons hoe om ‘n blywende nalatenskap agter te laat – vul jou lewe met liefde.

Watter van hierdie stellinge spreek jou die meeste aan? Waarom?

5. Toepassing
Dink aan iemand aan wie jy die afgelope tyd nie liefde bewys het nie, ‘n gesinslid, familielid, vriende, naasbestaande, kollega, skoolmaats of ‘n vreemdeling.
Hoe kan jy vandag se boodskap op hierdie verhouding toepas?

6. Gebed:
DANKIE Jesus vir die allerbeste gawe wat U vir ons gegee het.

7. Onthou:
Menslike liefde kan afkoel, maar die Here se liefde vir jou kan nooit verander nie.

Kyk na die diagram en gebruik dit om na verhoudings in jou lewe te kyk.
Die sirkel kan jou kind of selfs kleinkind se naam wees.



week 2

LIEFHÊ SOOS JESUS JOU LIEFHET

"Ek gee julle 'n nuwe gebod: Julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle ook mekaar liefhê." – **Joh. 13:34**

week 2 **(dag 1- 8)**

DIE ONMOONTLIKE UITDAGING

"Ek gee julle 'n nuwe gebod: Julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle ook mekaar liefhê." – Joh. 13:34.

Jesus het die belangrikste gebod, dat ons Hom moet liefhê, en die tweede gebod, dat ons ons naaste moet liefhê, vir ons uitgewys. Nou gee Hy ons 'n nuwe gebod, dat ons mekaar moet liefhê. Van wie praat Hy hier?

Hy praat van sy dissipels, wat onderling baie van mekaar verskil het. Tog het hulle een gemeenskaplike deler gehad, naamlik dat hulle almal volgelinge van Jesus was. Dus, alle volgelinge van Jesus behoort mekaar lief te hê sodat Jesus se liefde juis hierdeur sigbaar kan word.

Dit kan ek alleen regkry deur Jesus. As ek moet liefhê soos Jesus liefgehad het, dan het ek die krag nodig wat net Jesus kan gee. Jesus daag ons nie uit om "so goed soos ons kan" lief te hê nie. Hy daag ons eerder uit om "meer te doen as wat ons ooit kon droom dat ons sou kon doen."

Dit is 'n uitnodiging waarin ons moet ontdek dat ons net aan Jesus se verwagtinge sal kan voldoen as ons dit vanuit sy krag doen. Die Christelike godsdiens gaan nie oor harder probeer nie, maar oor 'n groter vertroue in Jesus. Dit is nie 'n passiewe vertroue nie, maar 'n vertroue waarin ons werklik Jesus se liefde prakties uitleef.

Wees eerlik met jouself:
Hoeveel vertrou jy op Jesus en hoeveel op jou eie vermoëns wanneer jy probeer om Jesus se onmoontlike liefde uit te leef?

_____

_____

Onthou:
Jesus wil nie hê dat ons nog beter moet doen in ons liefde nie, maar eerder dat ons meer op Hom sal vertrou.

Gebed:
DANKIE Jesus dat U die onmoontlike gedoen het deur my lief te hê. Amen.

WEEK 2 **(dag 2-9)**

DIE KRAG VAN JESUS SE OPDRAG

"Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel." – Gal. 6:9.

Jy kan nie 'n emosie beveel nie, maar jy kan 'n opdrag beveel. Jy sal die krag beleef in elke verhouding waarin jy staan, as jy die verskil tussen emosie en optrede verstaan.

Jesus beveel ons om op 'n nuwe manier lief te hê. Hoe is dit moontlik? Hoe kan Jesus ons beveel om liefde te voel? Die waarheid is dat Hy dit nie doen nie! Hy beveel ons om met liefde op te tree. Die gevaar bestaan dat ons kan begin moed opgee om Jesus se liefde te doen. Om nie in te gee nie, beteken dat jy besef dat Jesus die klein bietjie neem wat ons vir Hom gee, en dat Hy baie daarmee kan doen! Moenie ingee nie. Moenie hoop opgee oor mense nie. Moenie God se beloftes laat vaar nie. Tree op, op grond van Jesus se bevel – en "betoon liefde vir mekaar".

Die liefde wat ons doen, is ‘n liefde ten spyte van. Dan is dit nie die emosie wat die allesoorheersende faktor is nie. Dan gaan dit om die saak van God. Nee, dit gaan om die krag van God wat ons in ons lewens toelaat.

Is dit nie wat Jesus in die tuin van Getsemane gedoen het nie, toe Hy ook in liefde moes optree. Hy het nie aan sy emosie gehoor gegee nie, maar aan God sy Vader.

Wees eerlik met jouself:
Hoeveel emosie neem nog leiding by jou, wanneer jy oor ‘n optrede in liefde moet besluit?
Wanneer jy op die strand sit en na die see kyk, hoe ervaar jy God se liefde?
As jy ‘n straatkind of karwag sien wat bedel, watter emosie wakker dit in jou hart aan?

_____

_____

_____

_____

_____

Onthou:
As jy nie meer liefde voel nie het dit tyd geword om in liefde vanuit God se krag op te tree.

Gebed:
DANKIE Jesus dat U u liefde vir my so konkreet aan die kruis gewys het. Amen.

WEEK 2 **(dag 3-10)**

DIE KRAG VAN DIE NUUTHEID

"Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie." – 1 Joh. 4:18.

Jesus se nuwe gebod, om mekaar lief te hê, is die sleutel om liefde nuut te maak. Sy gebod dui die pad en die dryfkrag aan om van die oue na die nuwe te beweeg. In plaas daarvan om by die letter van die wet te bly, laat jy toe dat die Gees van die Here begin om beheer oor te neem. Hoeveel van wat jy liefde noem, het nie net 'n blote gewoonte geword nie?

Mense dink die enigste manier om iets nuut te maak is om oor te begin. "Kry 'n nuwe vrou, kry 'n nuwe gesin – dit is die manier om dinge nuut te maak," dink ons. Dit werk nie, omdat wat hierdie week nuut is volgende week al weer oud is.

Wat moet gebeur? Ons moet die gesindheid van liefde in die alledaagse gewoontes herontdek. Jy neem eenvoudig die dinge wat in 'n gewoonte ontaard het en spuit liefde daarby in. Dit is die manier hoe onsself ons verhouding met God kan vernuwe.

Een van die mees verfrissende en energiegewende oomblikke in enige lewe is wanneer iemand sê: "Ek weet ek kan nie, maar ek weet ook dat God kan. God kan in en deur my doen wat ek nie vir myself kan doen nie."

Wees eerlik met jouself:
Het jy al die koste bereken om regtig lief te hê?
Watter ou gewoontes is daar in jou lewe waarin jy van God se liefde moet inspuit om dit weer nuut te maak?
Waar kan God my gebruik om 'n impak in Jeffreysbaai te maak?

Onthou:
God sal jou nooit beveel om iets te doen waarvoor Hy jou nie die krag sal gee om te doen nie.

Gebed:
DANKIE Jesus, dat U my lewe kom nuut maak het! Amen.

Week 2 (dag 4-11)

GEVOELENS IS BELANGRIK!

"Jesus het gehuil " Joh. 11:35.

Ons teksvers van vandag skets 'n ander prentjie van Jesus as wat die meeste van ons van Hom het. Ons ken Hom as die vriendelike, alwetende en in-beheer-van-alles. Maar,'n Jesus wat huil, pas nie eintlik by Hom nie.

Jesus was in werklikheid vol emosie van alles wat om Hom in hierdie wêreld gebeur het. Dink maar aan al sy medelye met siekes, uitgeworpenes van die samelewing en sy eie naderende dood aan die kruis. Om nie te praat van die emosie aan die kruis self nie, bv. toe Hy met sy aardse ma gepraat het nie.

Jesus het nie sy emosies ontken nie; Hy het Homself verloën deur nie altyd aan al hierdie emosies toe te gee nie. Hy het sy emosies baie ernstig opgeneem, en Hy leer ons om dieselfde te doen. As 'n mens nie die belangrikheid raaksien om jou gevoelens uit te druk en werk te maak daarvan nie, kan daardie gevoelens op die ou end jou lewe beheer. Gevoelens kan ons maak of breek, dit hang af van wat ons met ons emosies gaan maak.

Ons leef in 'n wêreld waar baie mense bloot in reaksie op hulle gevoelens optree. Dit kan baie gevaarlik wees. Sodoende kan ons baie mense op ons lewenspad seer maak. Dit is net as ons die belangrikheid van ons gevoelens raaksien, dat ons so kan begin optree dat daardie gevoelens nie die geleentheid kry om baas te speel oor ons lewe nie.

Wees eerlik met jouself:
Watter gevoelens is daar in jou lewe wat jy nog nie op so 'n manier begin hanteer het, dat dit nie jou en/of ander se lewens kan vernietig nie?
Hoe kan jy dit voor God se voete neerlê sonder om dit terug te vat, as dit swaar raak?

_____

_____

_____

_____

_____

Onthou:
Onthou, geloof dra ons gevoelens. Gevoelens dra nie ons geloof nie. Jesus is vir jou lief, met jou emosies en al! Deel dit met Hom en laat die emosie van liefde seëvier!

Gebed:
DANKIE Jesus, dat U vir my met soveel emosie lief is! Amen.

WEEK 2 **(dag 5-12)**

TREE DADELIK OP, TREE DRASTIES OP.

"As jou regterhand jou laat struikel, kap hom af en gooi hom van jou af weg; want dit is vir jou beter dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in die hel beland." – Mat. 5:30.

Jesus leer ons om nie net lief te hê soos wat Hy liefgehad het nie, maar ook om op te tree soos wat Hy opgetree het.

Die meeste van ons voel dat ons optrede belangrik is, maar te min van ons tree op asof ons gevoelens belangrik is. In plaas daarvan om behoorlik aan ons gevoelens aandag te gee, vind ons te maklik verskonings daarvoor, koester ons dit oormatig of probeer ons dit ignoreer.

As ons nie dadelik begin optree nie, sal ons emosies in ons versweer totdat dit alles begin verwoes. Ons kan nie regtig wegsteek wat in ons harte aangaan nie. Een of ander tyd sal dit sigbaar word. Daarom is dit belangrik dat ons ons harte ernstig sal opneem en drasties sal optree. Ons moet bereid wees om te sê: "Ek sal enigiets doen wat nodig is om seker te maak dat my hart op die regte plek is". Wat ons in ons hart toelaat, beïnvloed elke verhouding waarin ons betrokke is.

Jesus vertel dat ons nie moet toelaat dat enigiets in die pad van 'n drastiese hartsverandering kom wat Hy in ons wil bewerk nie. Dwarsdeur die Bybel is die "regterhand" 'n beeld vir wat die belangrikste, die kosbaarste en die waardevolste in ons lewe is.

Neem jou hart ernstig op en wees bereid om drasties op te tree.

Wees eerlik met jouself:
In watter opsig moet jy dadelik of drasties optree sodat jy 'n keuse van liefde kan maak?
Hoe het Jesus keuses gemaak in liefde?

Onthou:
Jesus is daar vir jou, sodat jy dadelik en drasties kan optree om sy liefde sigbaar te maak.

Gebed:
DANKIE Jesus, dat U so drasties opgetree het deur vir my mens te word! Amen.

WEEK 2 **(dag 6-13)**

KIES OM TE DEEL IN GEMEENSKAP, KIES OM TE VERGEWE.

"God is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid. " 1 Joh. 1:9

Dit is maklik om te sê dat jy liefhet as jy die meeste van jou tyd alleen deurbring. Jy kan net waarlik liefhê as jy tyd saam met ander mense deurbring. Om lief te hê soos Jesus liefgehad het, moet ons kies om in gemeenskap te deel. Dit is 'n "kameraadskap" gemeenskap waar ons nie net tyd met mekaar saam deurbring nie, maar dit ook as "geesverwantes" geniet om saam met mekaar te wees.

Ware gemeenskap kan nie geforseer of geskeduleer word nie; dit moet gekies en aanvaar word. Dit kan ons net kry in mense wat bereid is om Jesus te volg en alles te doen soos Hy ons lei.

Die saak van vergifnis vorm 'n baie belangrike deel in ons saamwees met ander. Ons word uitgedaag om mekaar te vertrou en werklik alles met mekaar te deel. Ook die dinge waarmee ons mekaar seergemaak en/of teleurgestel het. Die enigste manier waarop jy die krag kan ontvang om ander mense te vergewe, is deur die waarheid te omarm dat Jesus jou vergewe het. Jesus leer dat indien ons nie ander mense vergewe nie, Hy nie ons gebede verhoor nie

Ek moet eers kan ervaar hoe Jesus my vergewe het, alvorens ek in staat gaan wees om ander mense werklik te vergewe. Jesus stel dit baie duidelik in sy Woord dat Hy ons sal vergewe. Daaroor hoef ons nooit onseker te wees nie!

God se uitdaging aan ons is om sy geskenk van vergifnis te aanvaar. Daarna sal ons in staat wees om dit teenoor ander te gaan uitleef. Dit is 'n lewe van liefde.

Wees eerlik met jouself:
Wie is die persoon in my lewe wat ek nog moet vergewe?
As ek iemand vergewe, wat is die uitwerking van vergifnis dan op my lewe?

Onthou:
Die enigste manier waarop ek die krag kan vind om ander mense te vergewe, is om die waarheid te omarm dat Jesus my vergewe het.

Gebed:
DANKIE Jesus, dat U my onvoorwaardelik vergewe het! Amen.

WEEK 2 **(dag 7-14)**

KIES OM TE AANVAAR, KIES OM OP TE OFFER.

"Die liefde bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles."–1 Kor. 13:7.

Die Bybel maak dit baie duidelik wat dit presies beteken om lief te hê soos wat Jesus ons liefgehad het. Dit beteken, onder andere, die volgende:

- llefde maak die keuse om te aanvaar, en
- liefde maak die keuse om op te offer.

Verhoudings word gegrond op aanvaarding, nie op ooreenkomste nie. Die sterkste verhoudings kom dikwels tot stand tussen mense wat die meeste van mekaar verskil. Dit is diegene wat geleer het om mekaar se verskille te aanvaar, in plaas daarvan om van mekaar te vereis dat hulle presies dieselfde moet wees. Sonder mense rondom jou wat anders is as jy, sal jy nooit werklik groei nie!

Aanvaarding lei daartoe dat ons bereid moet wees om ook op te offer. Ware liefde offer. Die grootste offers is moontlik nie die eenmaal-in-'n-leeftyd-offers nie; dit kan heel moontlik die daaglikse offers wees. Jy doen afstand van jou manier van doen en gee voorkeur aan 'n ander persoon in antwoord op Jesus se liefde vir jou.

Die grootste offers kan wel die daaglikse offers wees:

- Wees geduldig – geduld het te doen met die kuns van wag.
- Wees vriendelik – sien iemand se behoefte raak en doen iets daaraan!
- Wees nie verwaand nie – om nie te maak of jy beter as ander mense is nie, maar hul te aanvaar soos hulle is.
- Wees nie selfsugtig nie – moenie jouself in die middelpunt plaas nie, maar Jesus!
- Moenie ingee nie – wees lief met volharding, ongeag.

Liefhê is om jouself vir Jesus te gee sodat Hy jou mag begelei.

Wees eerlik met jouself:
Wie moet jy nog aanvaar in jou lewe?
Het jy al jouself aanvaar en vir God dankie gesê?
Ons moet ons naaste liefhê soos onsself; so, hoe moet ons onsself liefhê?
Waar in Jeffreysbaai sien jy 'n tekort aan liefde?

_____

_____

_____

_____

_____

Onthou:
Jesus het jou aanvaar soos jy is sodat jy nou ander mense in liefde kan aanvaar.

Gebed:
DANKIE Jesus, dat U my net soos ek is in liefde aanvaar het! Amen.

GROEPSBYEENKOMS 2

DIE LIEFDE IS GEDULDIG, DIE LIEFDE IS VRIENDELIK

"Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik" – 1 Kor. 13:4

1. Stel belang

a) Het jy die afgelope week die dagstukkies oor liefde as die grootste waarde gelees? Deel iets nuuts wat jy geleer het.
b) Die praktiese toepassing het jou verlede week uitgedaag om liefde prakties teenoor iemand te betoon. Deel jou ervaring met die groep.
c) Vind uit wat die jongspan se ervaring was toe hulle vir iemand 'n kaartjie gegee het.

2. Inleiding

a) Vind uit by die jongspan of hulle weet wat 'n Samaritaan is. Ken hulle mense wat nie van hulle eie kultuur en agtergrond is nie? Wys verskille uit en gesels bietjie daaroor.
b) Het julle al 'n barmhartige Samaritaan nodig gehad toe julle in die nood was? Het mense jul behoefte geïgnoreer en by jul verbygegaan? Watter hulp het julle gekry?
c) Was jy al 'n barmhartige Samaritaan vir iemand anders? Wat het dit van jou gevra?

3. God se Woord

Lees: 1 Kor. 13:4 en Luk. 10: 30-35

*Gebedstyd. Bid saam en vra dat God hierdie verhaal helder in julle gedagtes sal laat inspoel, tot in elkeen se hart. (Die jongspan is welkom om nou te gaan planne maak oor hoe hulle iemand wat hulle ken, wat hulp nodig het, kan help hierdie week.)

a) Wat leer God se Woord ons oor geduld en vriendelikheid ,veral as ons aan die gelykenis van die barmhartige Samaritaan dink?
b) Gee mekaar raad. Hoe kan ons maak om meer geduldig met mekaar te wees?
(Lees ook Rom. 5:3-4 en Kol. 1:11)

c) Kyk weer na die optrede van die barmhartige Samaritaan.
Wat leer ons oor vriendelikheid in terme van:

i. Sy sensitiwiteit vir ander se nood.
ii. Sy simpatie (om te luister na ander mense se behoeftes).
iii. Sy bereidheid tot spontane hulpverlening.
iv. Sy beloning.

d) Pas nou elkeen van hierdie aspekte op jou eie lewe toe. Hoe vaar jy met jou vriendelikheid binne hierdie konteks?

4. Samevatting:

Ons kan ons lewe vergelyk met ‘n beker vol koffie. Daar mors gewoonlik van die koffie as die beker gewikkel word.
Wat stort jou lewe uit wanneer jy geskud word?
Is dit geduld? Is dit vriendelikheid? Of wat?



Met watter van die volgende stellinge sukkel jy die meeste, veral wanneer jou lewe geskud word? Wat gaan jy hieromtrent doen?

a) Ons kan alleenlik geduld beoefen met die krag van God, en dan verg dit nog steeds voortdurende oefening daarin!
b) Vriendelikheid begin met ons oë. Wat sien ander in ons oë as hul na ons kyk? Wat/wie sien ons wanneer ons kyk na waarop God se liefde ons wil laat fokus?
c) Vriendelikheid vra inspanning van ons ore. Na wie luister ons?
d) Vriendelikheid dui op ‘n onmiddellike spontane hulpverlening met alles wat jy kan.

e) Vriendelikheid vra iets (tyd, opoffering, geld) van ons.
f) Vriendelikheid beteken dat ‘n mens iets doen vir iemand anders sonder dat jy iets in ruil terugverwag.

5. Toepassing
Hou jou oë gedurende die komende week oop vir iemand wat jou barmhartigheid of geduld nodig het. Dis dalk iemand wat emosioneel, geestelik, verhoudingsgewys, liggaamlik of finansieel seergekry het. Reik uit na hierdie persoon deur ‘n spesifieke weldaad te bewys en moenie net verbygaan nie.

6. Gebed:
DANKIE Jesus dat U na my uitgereik het, deur mens te word en my skuld te dra.

7. Onthou:
Ons moet rustiger raak as ons meer medemenslik wil wees.



WEEK 3

KOMMUNIKEER MET JOU HART

"Waar die hart van vol is, loop die mond van oor." **– Mat. 12:34**

WEEK 3 **(dag 1-5)**

KOMMUNIKASIE IS NIE MAKLIK NIE.

"Praat sonder om te dink kan soos dolksteke wees; wyse mense bring genesing met wat hulle sê." – Spr. 12:18.

Dit vra goeie kommunikasie om 'n verhouding lewenslank te laat voortbeweeg. Kommunikasie is belangrik, want alle verhoudings word deur kommunikasie aangedryf.

Kommunikasie is nie maklik nie. Jakobus teken vir ons hierdie duidelike prentjie: "Geen mens kan die tong tem nie" – Jak. 3:8. As jy mooi daarna kyk, is kommunikasie nie 'n wetenskap nie; dit is 'n kuns. Dit is nie swart en wit nie. Dit is nie altyd logies nie en jy kan beslis nie suksesvolle kommunikasie in 'n eenvoudige sommetjie vasvang nie. Kommunikasie is 'n kuns wat met fyn lyne en skadu's van betekenis gevul is.

Ons het hulp nodig om te leer hoe om sinvol te kommunikeer. Ons leer dit by Jesus! Ons leer nie net uit sy woord nie, maar ook uit sy voorbeeld. Hy het onderrig gegee oor kommunikasie deur die manier waarop Hy met mense gepraat het, of dit 'n worstelende sondaar of 'n trotse Fariseër was.

Ons leer drie belangrike beginsels by Jesus oor kommunikasie:
a. Die basis van kommunikasie is vertroue.
b. Kommunikasie kom altyd uit die hart uit.
c. Kommunikasie wat ‘n impak maak, is eerlik.

Die voorbeeld van Jesus wys ons daarop dat ons woorde die vermoë het om ons verhoudings na ‘n nuwe vlak van impak en intiemheid te neem.

Wees eerlik met jouself:
Waarmee en met wie sukkel jy om te kommunikeer?
Is jy bereid om met Jesus hieroor te kommunikeer (praat + luister)?

_____

_____

_____

_____

Onthou:
Jesus kan jou help om jou kommunikasie met ander op ‘n nuwe vlak te bring.

Gebed:
DANKIE Jesus, dat U gereeld met my kommunikeer! Amen.

(dag 2-16)

DIE FONDAMENT IS VERTROUE

“Laat julle ‘ja’ eenvoudig ‘ja’ wees en julle ‘nee’, ‘nee’. Wat meer gesê word as dit, kom van die Bose.” – Mat. 5:37.

As ek nie vertroue kan hê in wat jy sê nie, maak dit in werklikheid nie saak hoe omvangryk jou woorde of hoe ernstig jou versoek is nie. Of jy daaraan werk om ‘n verhouding te vestig of om kanale van kommunikasie te herbou, moet dit met vertroue begin.

Die woorde wat ons praat, hou die volgende boodskappe in:

- wat jy bedoel om werklik te sê;
- wat jy werklik sê;
- wat die ander persoon hoor;
- wat die ander persoon dink dat hy hoor;
- wat die ander persoon sê oor wat jy gesê het, en
- wat jy dink dat die ander persoon sê oor wat jy gesê het.

Sonder dat ons dit so bedoel, gebruik ons dikwels woorde op maniere wat vertroue in ons verhoudings wegkalwe. Dink 'n oomblik aan die volgende maniere en watter hiervan dalk op jou van toepassing is:

- Leuens - leuens word altyd in die afwesigheid van vertroue vertel.
- Vleitaal – vleitaal is maar net 'n positiewe leuen wat bereken is om jou aansien in die ander persoon se oë te verhoog.
- Verbreekte beloftes – gelowiges behoort in elke faset van hul lewens hul by hul beloftes te hou.
- Stilte – om stil te bly is nog 'n manier waardeur ons vertroue kan laat wegkalwe.

Die fondament van kommunikasie is vertroue. Jesus leer ons dat vertroue begin by die manier waarop ons die woorde ja en nee gebruik.

Wees eerlik met jouself:
Is die manier waarop ek my woorde gebruik, besig om vertroue te bou of weg te kalwe?
Het jy al met God gepraat oor die woorde wat jy kies wanneer jy kommunikeer?

_____

_____

_____

_____

Onthou:
Om vertroue te herbou, is 'n kombinasie van waarheid en tyd.

Gebed:
DANKIE Jesus, dat ek nooit hoef te twyfel oor u liefde vir my nie! Amen.

Week 3 **(dag 3-17)**

DIE VERBINDING TUSSEN MOND EN HART.

"Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom." – Mat. 4:17

Jesus het gesê: "Waar die hart van vol is, loop die mond van oor" (Mat. 12:34). Jesus praat dus van 'n direkte verhouding tussen die mond en die hart.

Jou voet trap die versneller van die motor en die spoed vermeerder – 'n direkte verbinding. Jou vinger druk die op-knoppie van die hysbak en die deure skuif oop – 'n direkte verbinding. Jou hart voel bitter,en jou woorde word sarkasties – ook 'n direkte verbinding.

Die verbinding tussen die mond en die hart is eintlik 'n tweerigting-verbinding. My hart beïnvloed die woorde wat by my mond uitkom en die woorde wat by my mond uitkom beïnvloed my hart. Hoe breek ons hierdie negatiewe patroon? Beslis nie deur die verbinding tussen hart en mond te verbreek nie! Dit moet aan twee fronte beveg word, die hart én die mond.

Woorde wat bedoel is om ander seer te maak, kan jouself die meeste van almal wond. Begin dus deur jou hart meer ernstig op te neem, want woorde is 'n oorvloei uit die hart uit. Begin om jou woorde meer ernstig op te neem. Moenie voorgee asof jou woorde niks beteken nie. Vra jouself eerder af waarom jy gesê het wat jy gesê het.

Jou hart, aan die ander kant, sal verander wanneer en waar jy ook al erken dat God die enigste regmatige draer van die kroon is. Die enigste manier om 'n hartsverandering te bewerk, is om die vals en wankelrige kroon wat jy vir jouself toegeëien het, af te haal.

Laat toe dat God in beheer kom in die verbinding tussen jou hart en mond. Met God in jou hart vermeerder jou liefde en word jou hart sagter.

Wees eerlik met jouself:
Is jy vasgevang in 'n boosaardige spiraal van woorde hê met iemand? Wat gaan jy doen om dit te verbreek?

Wanneer laas het jy God gevra om jou te vernuwe en dat liefde oor jou lippe spoel?

_____

_____

_____

_____

Onthou:
Jesus kan die aard van jou verbinding tussen jou hart en mond vul met liefde.

Gebed:
DANKIE Jesus, dat U my met liefde vul vanuit u hart en vanuit u mond! Amen.

Week 3 **(dag 4-18)**

'N NUWE SOORT EERLIKHEID.

"Ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe." – Efes. 4:15.

Die geheim van die lewe is eerlikheid en billike optrede. Die meeste van ons as gelowiges heg dan ook waarde aan 'n eerlike lewe. Tog, as dit op stuk van sake kom, is dit dikwels makliker om oneerlik te wees. Of dit nou net 'n vinnige wit leuentjie is en of dit 'n stuk blatante, selfsugtige bedrog is.

Kyk ons na die boodskap wat Jesus deur middel van sy kommunikasie met mense uitdra, kan dit in twee woorde saamgevat word: wees eerlik! Jesus se gesprekke het 'n ander soort eerlikheid as wat die meeste van ons ooit beoefen of ervaar het. Omdat Jesus nie gehinder is deur ander se opinie van Hom nie en omdat sy liefde ook nie deur selfsug bevlek is nie, was Jesus absoluut eerlik. Dit was egter 'n eerlikheid wat omhul was deur sy liefde.

Waarheid sonder liefde werk nie uit nie. Liefde sonder waarheid is net so rampspoedig. Ons kan met ons manier van eerlikheid mekaar dikwels meer afbreek en vernietig. Die waarheid mag nooit as ‘n wapen gebruik word nie. Sulke mense praat nie die waarheid nie, hulle lê aan daarmee. Die waarheid maak soms seer, maar dit hoef nie te vermink of te verwoes nie.

Jesus bou egter met sy manier van eerlikheid. Hy leer ons ‘n eerlikheid-in-liefde. As ons wil hê dat ons verhoudings moet groei, is eerlikheid ononderhandelbaar. Eerlikheid is ‘n risiko wat jy met vrymoedigheid kan neem om jouself oop te maak vir ‘n merkwaardige moontlikheid vir verandering.

Wees eerlik met jouself:
Is daar iemand met wie jy die risiko moet neem om ‘n eerlike gesprek te voer?
Is jy eerlik met jouself? Is jy eerlik met God?

_____

_____

_____

_____

Onthou:
Jesus is eerlik met jou as Hy sê dat jy vanuit jouself verlore is, maar ook dat Hy vir jou baie lief is en jou wil vergewe!

Gebed:
DANKIE Jesus, dat U eerlik met my was oor my sonde, maar ook vir u vergifnis. Amen.

WEEK 3 **(dag 5-19)**

GOD IS DEEL VAN DIE GESPREK

"So moet julle dan bid: Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredings soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie, maar verlos ons van die Bose." – Mat. 6:9-13.

Een van die belangrikste dinge wat ek kan doen om my kommunikasie te verbeter, is om met God daaroor te praat. Dra in die aand of vroegoggend jou gesprekke, gedagtes en woorde aan God op en vra Hom om jou te help met jou kommunikasie vir die dag. Die manier waarop jy **oor** mense met God praat, is belangriker as die manier waarop jy **met** hulle praat. Dit is by God wat ons antwoorde kry hoe ons met mense moet praat. Ons gee die mense nie aan by God dat Hy hulle moet "uitsorteer" nie; nee, ons laat toe dat God ons **oplei,** wys en leer hoe om met ander mense in liefde te praat.

Daar was, en kan, en sal nog baie oor gebed gesê word. Die belangrike nou is om te ontdek wat gebed oor verhoudings praat. Gebed is nie 'n towerstaf wat ons kan rondswaai en alles is reg nie. Dit is ook nie maar net 'n laaste uitweg indien niks wil uitwerk in ons verhoudings nie. Nog minder is gebed 'n vorm van plig sodat alles in ons verhoudings vlot kan verloop..

God beantwoord baie van ons gebede op maniere wat ons nog nie nou kan sien nie. Ons moet daarom kan volhard in ons gebede sodat ons God se antwoord vir onsself kan toeëien. Gebed is nie om God se onwilligheid te oorkom nie. Dit is eerder om God se gewilligheid vir onsself toe te eien.

Dit maak dat ons met verwagting behoort te bid. Dit is 'n verwagting dat iets in ons verhoudings sal gebeur, mits ons God se antwoord aanvaar en dit in die verhouding gaan uitleef.



Op die ou end gaan dit nie om hoe reg ons bid nie, maar eerder hoe eg ons bid. Gebed is 'n daad van biddende afhanklikheid van God dat Hy jou kan begelei hoe om ware liefde in jou verhouding(s) te laat groei.

Wees eerlik met jouself:
Hoeveel van God (en dus gebed) is daar in jou gesprek met ander mense? Het jy al vir God dankie gesê vir jou gebede wat verhoor is?

Onthou:
Jesus is die (gebeds-) antwoord op ons verhoudingsvraagstukke. Praat en luister na Hom.

Gebed:
DANKIE Jesus, dat U met my wil praat oor my menseverhoudings! Amen.

WEEK 3 **(dag 6-20)**

HOE OM REGTIG GEHOOR TE WORD.

"Dan is daar die mense by wie daar soos op goeie grond gesaai is, wat die woord hoor en aanvaar en vrug voortbring, party dertig-, party sestig- en party honderdvoudig." – Mark. 4:20.

Jesus wys ons hoe om met ons woorde trefkrag te hê. Ons oop hart vir Jesus, maak ons vrugbaar om liefde gestalte te laat gee in ons verhoudinge. Hy leer ons hoe om nie net woorde te gebruik nie, maar ook ons ore en veral ons hart. Hy gee ons drie praktiese wenke:

- Jesus raak mense aan. Ons wêreld is vol eensame mense wat intens begeer om die bemoediging van 'n liefdesaanraking te voel …

Jesus het die regte aanraking gehad omdat Hy waarlik omgegee het vir elkeen met wie Hy in aanraking gekom het. Ons fisiese en emosionele aanraking van mense behoort in harmonie met mekaar te wees.

- Jesus vra vrae. Jesus het met sy vrae aan mense nuwe uitdagings aan hulle gestel. Hy het hul gedagtegang en ook hul lewenswyse in 'n nuwe rigting van liefde gestuur. Ons antwoord Hom met ons manier van om liefde te lewe.

- Jesus gebruik prentjies. Ons is visuele mense. Daarom het Jesus prentjies van liefde in ons lewe ingeprent sodat ons kon verstaan hoe om liefde te lewe. Watter prentjie van liefde teken jou lewe?

Jesus leer ons wat om te doen as ons voel dat ons nie gehoor word nie. In plaas daarvan om vinnig moed op te gee, probeer om op 'n nuwe manier te kommunikeer. Jesus se liefde moet met alle mag en mening uitgedra word!

Wees eerlik met jouself:
Met wie moet jy opnuut (op 'n nuwe manier) gaan praat, sodat God se liefde gehoor en beleef kan word? Dink aan jou gesin, familie, vriende, kennisse en vreemdelinge.
Hoe kan God jou hiermee help? Wat sê sy Woord?

_____

_____

_____

_____

Onthou:
Dis jou eie verantwoordelikheid om sodanig te kommunikeer dat ander jou kan hoor, veral as dit kom by Jesus se liefde wat uitgedra moet word.

Gebed:
DANKIE Jesus, dat U soveel moeite met my gedoen het, sodat ek van u liefde kon hoor. Amen.

notas

notas

(dag 7-21)

HOE OM PROBLEME MET KOMMUNIKASIE UIT TE KEN

"Die tong het mag oor dood en lewe" – Spr. 18:21.

Jesus leer ons om die foute in ons kommunikasie op te spoor. Hy doen dit deur sy reaksie op onvolmaakte mense en omstandighede wat 'n gewone deel van sy lewe was.

Wanneer Hy gekritiseer is, het Jesus duidelik en met vertroue gereageer. Ons reageer dikwels deur terug te kritiseer. Die uitdaging is om eerder te **luister** en meer lig op die onderwerp te gee. Kritiek is soos kougom – kou dit 'n rukkie lank om te kyk of daar enige geur van waarheid in is en spoeg dit dan uit.

Waar eerlike twyfel is, bied Jesus bewyse aan. Fokus eerder op die persoon se behoefte, as om mense te beskuldig omdat hulle jou nie vertrou nie.

- Toe Jesus bespot is, het Hy stilgebly. Swyg en om daarmee tyd te gee, is dikwels 'n baie kragtiger antwoord as om 'n twisgesprek aan die gang te sit.
- Toe Jesus in 'n hoek vasgekeer is, het Hy lig daarop laat val. Probeer om lig op die onderwerp te plaas deur 'n ander perspektief te beklemtoon in plaas daarvan om terug aan te val.
- Toe Jesus verwerp is, het Hy elders heen gegaan. Onderskei of dit jy as persoon is wat verwerp word en of dit God se saak van liefde is wat verwerp word. Soms is dit beter om te onttrek ter wille van die liefde van Jesus.

Jesus was dapper. Dit vra baie moed om daagliks Jesus se liefde in elke situasie te kommunikeer. Woorde is die enkele belangrikste werktuig wat God aan ons gegee het.

Wees eerlik met jouself:
Op watter manier gaan jy jou woorde vandag gebruik om Jesus se liefde sigbaar te maak?
Spreek jy liefde in jou daaglikse lewe oor jouself en ander mense?

_____

_____

_____

_____

Onthou:
Gee jou oor aan Jesus en Hy sal jou die regte woorde gee.

Gebed:
DANKIE Jesus, dat U my voorsê hoe om u liefde te kommunikeer. Amen.

GROEPSBYEENKOMS 3

DIE LIEFDE HOU BY DIE WAARHEID

"Die liefde … verheug hom oor die waarheid" – 1 Kor. 13:6

1. Stel belang

a) Wat het in die afgelope week se dagstukkies oor Jesus se liefde vir jou uitgestaan?

b) Laat die jongspan gesels oor wie hulle gehelp het en hoe hulle gevoel het nadat hulle die persoon gehelp het.

c) Het jy die afgelope week gedink hoe jy optree wanneer jou lewe geskud word? Gedra jy jou soos 'n skilpad wat sy kop in sy dop terugtrek? Of is jy soos 'n muishond wat jou gevoelens duidelik te kenne gee?

2. Inleiding

a) Speel 'n bietjie telefoontjie. Sit in 'n kring en laat die jongste begin en eindig by die oudste persoon. Hoe het die boodskap deurgekom? Verander nou die volgorde en laat daar 'n volwassene tussen elke kind sit. Hoe het die boodskap nou deurgekom? Was dit beter of swakker? Wat wys dit julle oor kommunikasie?

b) Die regte rede om iemand liefdevol aan te praat is om te help, nie seer te maak nie. Wat moet binne-in jou verander as jy agterkom dat jou beweegrede om liefdevol die waarheid te praat onsuiwer is?

c) Beskryf 'n keer toe iemand eerlik en liefdevol genoeg was om jou te sê wat jy moes hoor, pleks van wat jy wou hoor. Hoe het dit jou gehelp?

d) Is jy bereid om liefdevol te hoor wat die waarheid is? Hoe kan jy jou hart daarop voorberei?

3. God se Woord

Lees: 1 Kor. 13:6 en 2 Kor. 7:8-13a

*Gebedstyd. Bid saam. (Die jongspan kan vanaand dalk bietjie stomstreke of 'n maklike weergawe van *30 Seconds* speel en so iets oor beter kommunikasie leer.)

a) Die liefde hou by die waarheid. Beteken dit dat 'n mens konflik moet vermy en die vrede bewaar? Lees Spr. 10:10.
b) Paulus gee vir ons in 2 Kor. 7: 8-13a riglyne oor hoe gelowiges liefdevol met die waarheid na vore kan kom

i. Wat is die eerste stap? (vs. 8)
ii. Wat is die emosionele effek hiervan? (vs. 8)
iii. Wat leer ons oor die tydsduur? (vs. 8)
iv. Wat is die doel? (vs. 9)
v. Wat is die kriteria waaraan ons waarheid meet? (vs. 9-10)
vi. Hoe behoort dit ons lewens te verander? (vs. 11)
vii. Wat moet die onderliggende emosie wees? (vs. 12)
viii. Hoe weet ons of ons suksesvol was? (vs. 13a).

c) Wat is vir jou die belangrikste aspek waarop jy behoort te fokus wanneer jy jou wil verheug oor die waarheid?

4. Samevatting

Stel jou voor wat sou gebeur as al daardie spanning wat onder die oppervlak broei, sou wyk – in die kerk, in ons kleingroepe, by die werk, in ons huwelike – omdat ons genoeg omgee om liefdevol die waarheid te praat. Hiervoor is die volgende stappe van liefdevolle waarheid nodig:

a) Sit die onderwerp en nie die persoon op die tafel.
b) Wees daarop voorbereid dat dit emosioneel baie gespanne mag wees.
c) Streef daarna om die saak te hanteer en af te handel en tot 'n besluit te kom.
d) Maak dit vir jou uit watter effek die saak op die Koninkryk van God het.
e) Soek altyd die wil van God in die saak. Watter raad sou Hy gee?
f) Streef na 'n onbeperkte optrede waartoe elkeen hom/haar verbind.
g) Fokus daarop dat daar in liefde met mekaar gepraat en na mekaar geluister word.

h) God se saak moet wen. Dit beteken dat al die partye moet met die uitkoms gemaklik kan wees.

Is jy bereid om hierdie pad te loop? Wat laat jou nog terugdeins?

5. Toepassing
Het die Here dalk iemand op jou hart geplaas met wie jy ‘n waarheids-gesprek moet voer?

Doen dit nog hierdie week!

6. Gebed:
DANKIE Jesus dat U die waarheid met my gepraat het, deur vir my op my sonde te wys, maar ook vir u liefde vir my.

7. Onthou:
Eerlike en liefdevolle kommunikasie het ‘n groot en positiewe uitwerking op mense.



WEEK 4

SOOS JY OORDEEL, SAL JY GEOORDEEL WORD

"Moenie oordeel nie, sodat oor julle nie geoordeel word nie; met dieselfde oordeel waarmee julle oor ander oordeel, sal oor julle geoordeel word, en met dieselfde maat waarmee julle vir ander meet, sal julle gemeet word." – **Mat. 7:1-2**

WEEK 4 **(dag 1-22)**

DIE GEVAAR VAN VEROORDELING.

"Moenie oordeel nie, sodat oor julle nie geoordeel word nie." – Mat. 7:1

Daar is 'n klomp verwarring oor hierdie woorde van Jesus: "Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie."

As hierdie woorde enige indruk op ons gaan maak, moet ons die aantreklike en tog lafhartige en vals verklaring verwerp van wat Hy in werklikheid sê. Die lafhartige benadering tot 'n nie-veroordelende lewenswyse sê: "Jy lewe jou lewe, en ek sal myne lewe. Ek sal niks oor jou lewe sê nie en jy moet ook niks oor myne te sê hê nie." Dis die maklike uitweg om onaangenaamhede te vermy.

Om veroordelend te wees, het te doen met ons oordeel oor mense se gedagtes en motiewe. As ons nie van iemand hou nie is dit maklik om al hulle handelinge, selfs die goeies, aan slegte motiewe toe te skrywe. As ons

van iemand hou, is ons geneig om hulle verkeerde dade te goed te praat deur te sê dat hulle darem goeie harte het. Albei reaksies is veroordelend.

Jesus gebruik ‘n beeld van balke en splinters om te verduidelik wat ons behoort te doen: hoe ons eerder liefde as veroordeling kan tuisbring. Ons moet eerder fokus op die balk in ons eie oog in plaas van die splinter in die ander persoon se oog. Die eerste stap is om die balk uit ons eie oog te haal. Daarna kan ons daarop fokus om die splinter uit die ander persoon se oog te haal. Dan word dit uit genade en met liefde gedoen nie en nie met veroordeling nie.

Diegene wat Jesus se boodskap oor veroordeling werklik hul eie maak, ontwikkel ‘n aantrekliker persoonlikheid. Jy trek mense aan met en na die liefde van Jesus!

Wees eerlik met jouself:
Wie is jy geneig om nog steeds te veroordeel?
Watter balk in jou eie oog het jy om eerste uit te haal?
Watter gebed het jy gebid, waarin jy God gevra het om jou te vergewe?

_____

_____

_____

_____

Onthou:
Jesus veroordeel jou nie. Hy vergewe jou!

Gebed:
DANKIE Jesus, dat U my nie maar net veroordeel en afgeskryf het nie!
Amen.

WEEK 4 **(dag 2 -23)**

SÊ NEE VIR SKYNHEILIGHEID.

"Die liefde moet opreg wees. Verafsku wat sleg is en hou vas aan wat goed is." Rom. 12:9

Jesus het baie oor skynheiligheid gepraat. In ander gesprekke het Hy gesê: "Julle is huigelaars! Julle maak die buitekant van die beker en die skottel skoon, maar binne is hulle vol hebsug en onmatigheid" (Mat. 23:25). Skynheiliges is meer bekommerd oor voorkoms as oor die werklikheid van wat binne-in is. Hulle hou ook daarvan om vir ander reëls neer te lê waarvolgens hulle nie self gewillig is om te lewe nie.

Skynheiligheid is om die verkeerde in iemand se lewe uit te wys terwyl jy onwillig is om dit in jou eie lewe te oorweeg of te erken. Skynheiligheid is om vir ander te sê: "Maak soos ek sê en nie soos ek maak nie." Dan tree jy soos 'n toneelspeler op. Jy is iemand anders as dit wat jy werklik is. Die vraag bly dan waarom jy iets oor jouself wegsteek?

Hoe kan 'n mens ontslae raak van skynheiligheid?

Die enigste antwoord is om eerlik met jouself te raak. Raak eerlik met jouself oor wie jy is. Raak eerlik met jouself oor hoe God jou sien. Raak eerlik met jouself oor hoe God jou wil gebruik.

Skynheiligheid is 'n teken dat jy nie jouself kan aanvaar nie. Onthou, God is lief vir jou! Hy het jou aanvaar soos wat jy is. Vanuit God se eerlike en opregte aanvaarding van jou as mens groei daar 'n nuwe mens. Iemand wat nie net lief is vir jouself nie, maar juis ook vir God én ander mense.

Wanneer ons daarin slaag om met ons self eerlik te wees en onsself te aanvaar, word dit ook makliker om ander mense te aanvaar en vir hulle lief te wees soos wat hulle is.

Wees eerlik met jouself:
Watter maskers het jy nog op? Wat gaan jy doen om hulle af te haal?
Wanneer laas was jy **regtig** eerlik met jouself?
Noem drie dinge waaroor jy die afgelope tyd dalk oneerlik was. Bid nou om vergifnis daaroor.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Onthou:
Eerlike mense wat hulle foute erken, dwing dikwels meer respek af.

Gebed:
DANKIE Jesus, dat U my liefhet soos wat ek is. Amen.

WEEK 4 **(dag 3-24)**

SÊ JA VIR INTEGRITEIT

"Ek weet, my God, dat U die hart ondersoek en dat U opregtheid wil hê."
- 1 Kron. 29:17

Integriteit kan soms as die spieëlbeeld van skynheiligheid gesien word. Waar skynheiligheid op die wegsteek van 'n verkeerde iets dui, wil integriteit ons laat fokus op die positiewe of korrekte optrede. Waar skynheiligheid op 'n voorgee-lewenstyl wys wanneer ander mense jou sien, wil integriteit jou 'n eerlike lewe laat leef ongeag of ander mense jou sien. Integriteit beteken dat jy vooruit al besluit het om die regte ding te doen.

Integriteit is goeie nuus vir ons groei. As jy toelaat dat die foute van ander mense vir jou 'n motivering word vir persoonlike verandering, sal jy nooit 'n tekort hê aan motivering om te verander nie.

Omgekeerd: jou foute kan ook die motivering word vir hulle groei en verandering.

Wat beteken integriteit in praktyk?

- Kies om die waarheid te praat. Op dag 18 het ons gepraat van hoe belangrik dit is om die waarheid met ander te praat. Vandag leer ons hoe belangrik dit is om met onsself die waarheid te praat. Ek kan eers liefde teenoor ander mense begin uitleef wanneer ek bereid is om die liefdeloosheid in my eie lewe raak te sien.
- Kies om eerlik te wees oor jou foute. Jakobus moedig ons aan om ons sondes eerlik teenoor mekaar te bely en vir mekaar te bid sodat ons gesond kan word (Jak. 5:16). Dit vra dat ons na iemand gaan vir wie ons kan vertrou. Dat ons met so 'n persoon ons lewe sal deel – dit is liefde!
- Kies om hulp by God te vra. Integriteit gaan oor die besluit om op die regte pad te loop. Integriteit gaan daaroor dat ons God se hulp vra. Integriteit gaan daaroor dat ons kan nee sê – om te weier om sondige en wêreldse dinge na te jaag. Integriteit gaan oor dit wat in my eie lewe gebeur waar niemand anders kan sien nie, maar waarvan my eie hart beslis weet.

Wees eerlik met jouself:
Het jy al met iemand oor jou sonde gepraat? Het julle saam gebid vir genesing?

Onthou:
Integriteit beteken om vooraf te besluit om die regte dinge te doen.

Gebed:
DANKIE Jesus, dat U vooraf besluit het om u liefde vir my aan die kruis te bewys. Amen.

WEEK 4 **(dag 4-25)**

BETOON NOU GENADE

"Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar vergewe." - Kol 3:12-13.

Jesus leer ons dat die alternatief vir veroordeling nie verdraagsaamheid is nie, maar genade. Die alternatief van om veroordelend te wees, is nie om ander mense se foute oor die hoof te sien nie; dit is om aan te toon dat Jesus al ons foute vergewe het. Niemand is buite die kring van God se genade nie, of buite die grense van vergifnis, of buite die grense van ons liefde nie.

Genade is die gepaste reaksie van hulle wat God se genade ontvang het. Jesus weet dat om botweg te weier om te vergewe 'n besliste aanduiding is van wat in so 'n persoon se hart aangaan. Hy weet hoe maklik ons kan toelaat dat bitterheid ons verhoudings eers bevlek en dan vernietig. Hy weet hoe baie Satan daarvan hou om ons weiering om iemand te vergewe te gebruik en ons van die lewensveranderende vergifnis van God weg te hou.

Genade moet altyd aangebied word, maar dit word nie altyd aanvaar nie. As jy genade aanbied, hou in gedagte dat ander mense dit aan die begin dikwels as 'n bedreiging gaan ervaar. Ons hou nie daarvan as iemand vir ons moet kom intree en so ons swakheid uit te wys nie.

Genade nooi ons uit om ons eie skuld te erken, God se vergewing te ontvang, en dan op te hou om almal te veroordeel. Dan kan ons God se liefde aan ander mense betoon

Wees eerlik met jouself:
Teenoor wie kan jy vandag genade betoon?

Dink aan vier plekke waar julle ‘n verskil kan maak in Jeffreysbaai? (Vat dit groepsbyeenkoms toe.)

1. _____

2. _____

3. _____

4. _____

Onthou:
God se genade is vir jou genoeg, sodat jy genade teenoor ander kan betoon.

Gebed:
DANKIE Jesus, vir U genade ook aan my! Amen.

WEEK 4 **(dag 5-26)**

OM GOD SE GENADE TE VERSTAAN

“Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is die gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie.“ – Efes. 2: 8-9

God wil hê dat ons genade moet betoon omdat Hy genadig is. God se genade is oorweldigend! Die geheim om ‘n genadige hart te hê, lê daarin dat ons raaksien dat God teenoor ons genadig is. Hoe meer ons die genade verstaan wat God vir ons gegee het, hoe meer genade sal ons ook teenoor ander mense betoon.

Die genade en barmhartigheid van God is sy onverdiende geskenke aan ons. As jy God se guns kon verdien, sou jy maklik veroordelend teenoor diegene kon wees wat nie verdien het wat jy verdien het nie. Die Bybel roep ons op om met vrymoedigheid voor God se troon te verskyn “sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered word” (Heb. 4:16).

Die bedoeling van God se barmhartigheid is sy genade. Ons hele lewe is bedoel om vasgevang te wees in God se daad van genade wat God ons in en deur Jesus Christus gegee het. Jou vergifnis is in daardie daad van genade vasgevang. Jou toekoms is in daardie daad van genade vasgevang. Jou verhouding met God en met ander mense is in daardie groot daad van God se genade vasgevang.

Wees eerlik met jouself:
Het jy werklik God se genade onvoorwaardelik aanvaar?

_____

_____

Onthou:
God verwag van ons om genadig te wees omdat Hy teenoor ons genadig is.

Gebed:
DANKIE Jesus, dat U my in staat stel om u genade te gaan uitleef. Amen.

WEEK 4 **(dag 6-27)**

OM GOD SE OORDEEL TE VERSTAAN

"Daarom moet julle nie te vroeg, voordat die Here kom, 'n oordeel uitspreek nie. Hy sal ook die dinge wat in duisternis verborge is, aan die lig bring en die bedoelings van die hart blootlê. Elkeen sal dan van God die lof ontvang wat hom toekom." - 1 Kor. 4:5

Woorde oor oordeel is vir baie van ons heel moeilik. Ons weet dat God die God van liefde, genade en skoonheid is. Iets in ons binneste krimp ineen as ons sien dat woorde soos oordeel en veroordeling met die naam van God in verband gebring word. Daarom is ons geneig om hierdie woorde eenkant te laat en liewer te fokus op woorde wat 'n warmer gevoel en meer liefde by ons opwek. Daar is net te veel ongemaklike vrae wat ons gedagtewêreld oorspoel as ons oor oordeel dink.

As jy sin probeer maak van alles wat God in sy oordeel doen, gaan jy natuurlik ongemaklik en verward voel omdat dit God is wat regter is en nie jy nie. ‘n Begrip van God se oordeel bevry jou daarvan om self te moet veroordeel omdat jy weet dat God die regter is. Jy word daarvan bevry om veroordelend te wees wanneer jy die waarhede in gedagte hou dat God regverdig sal oordeel, dat dit nie nou al die tyd vir die finale oordeel is nie en dat jy daardie dag met vertroue tegemoet kan gaan omdat jy God ken en vertrou – Hy wat ryk is in genade en vergifnis.

Om gesonde verhoudings te kan hê, is daar eers ‘n besluit wat jy moet neem: Laat die oordeel, die uiteindelike oordeel, in God se hande. Laat God die oordeel hanteer. Dit is nie altyd maklik om op hierdie waarheid te vertrou nie, veral nie wanneer jy seergekry het nie. Tog, hoe groter my vertroue in God, hoe minder veroordelend sal ek wees. Dit stel ons in staat om meer liefde in ons verhoudinge in te bring.

Wees eerlik met jouself:
Vertrou jy werklik vir God, of wil jy nog vir Hom in ‘n mate voorskryf?
Hoe kan jy God vertrou in jou verhoudings?

_____

_____

_____

_____

Onthou:
Hoe meer ek God vertrou, hoe minder veroordelend sal ek self wees.

Gebed:
DANKIE Jesus, dat ek kan weet U weet alles oor my verhoudinge. Amen.

WEEK 4 **(dag 7-28)**

OM DIE WAARHEID OOR JOUSELF RAAK TE SIEN

"Barmhartigheid triomfeer oor die oordeel." – Jak. 2:13

Jesus se beginsels van onbeperkte liefde hou twee groot waarhede in:

- Ek het gesondig, en
- Ek is vergewe

Hoe beter jy hierdie twee waarhede raaksien, hoe minder veroordelend en hoe meer genadig sal jy word. Dit sal jou in staat stel om 'n lewe van onbeperkte liefde te leef.

Mense wat optree asof hulle nooit gesondig het nie is die mees veroordelende mense op aarde. Mense wat dink dat die enigste sondes wat hulle gedoen het "klein sondetjies" is, is gewoonlik ook baie veroordelend. Omdat ons in Jesus glo, behoort ons die mins veroordelende mense van almal te wees omdat ons weet hoe baie ons vergewe is.

Wanneer ek in die oog hou dat ek gesondig het en vergewe is, word ek bemagtig om 'n minder veroordelende persoon te word. Wanneer God se Woord my help om albei hierdie waarhede duidelik raak te sien, naamlik dat ek gesondig het en vergewe is, gee dit my krag om 'n leefstyl volgens die voorbeeld van Jesus te hê.

Dit beteken dat ek nie veroordelend sal wees nie; dat ek sal kan vergewe en sal kan voldoen aan die verwagting om ander om vergifnis te vra, maak nie saak deur watter worsteling hulle gaan nie. "Barmhartigheid triomfeer oor die oordeel!" (Jak. 2:13).

'n Lewe van onbeperkte lewe vereis dat ons nie net na die ander persoon sal kyk en na hoeveel liefde in daardie persoon is nie. 'n Lewe van onbeperkte liefde vra dat ek, eerstens, na my self sal kyk. Hoeveel van God se liefde is daar uit my optrede sigbaar?

Wees eerlik met jouself:
Wanneer laas het jy na jou eie lewenstyl van onbeperkte liefde gekyk?
Waar kan jy liefde saai in Jeffreysbaai?

_____

_____

_____

_____

Onthou:
Ek het gesondig. Ek is vergewe!

Gebed:
DANKIE Jesus, dat U my vergewe het en dat ek daarom nou met dankbaarheid kan leef. Amen.

GROEPSBYEENKOMS 4

DIE LIEFDE VERGEWE ALTYD

"Die liefde [...] hou nie boek van die kwaad nie" – 1 Kor. 13:5

1. Stel belang
a) Vind uit wie kan meer as twee tale praat. Leer vandag so 'n paar nuwe woorde in 'n ander taal aan. Indien niemand kan nie, laat die jongmense 'n paar sinne aanlyn vind. (*Google Translate* kan hier help.)
b) Wat beteken kommunikasie met jou hart vir jou? Praat jy al met 'n nuwe hartstaal?
c) Het jy dalk die afgelope week met iemand 'n moeilike gesprek gehad waarin jy die waarheid probeer liefdevol oordra het? Wat was jou ervaring?

2. Inleiding
a) Vind uit by die jongstes of hulle weet wat 'n flater is. Het julle al 'n groot flater begaan en moes toe om verskoning vra?

b) Vertel vir die groep van 'n keer toe jy getuie was waar vergifnis 'n groot rol gespeel het. Dalk was daar 'n voorbeeld uit julle gemeenskap of omgewing.
c) Hoekom is dit so swaar om mense te vergewe wat jou verontreg het? Watter uitwerking het dit op jou as jy so iemand nooit vergewe nie? En as jy hom wel vergewe?

3. God se Woord
Lees: 1 Kor. 13:5 en Luk. 6:27-28

*Gebedstyd. Bid vir 'n hart wat maklik vergewe en oop is om nou God se stem te hoor. (Die jongspan is welkom om vanaand 'n lekker fliek te kyk. Berei voor die tyd lekker happies en drinkgoed voor. *Inside Out* kan werk, maar hulle kan dalk sommer op Y*ouTube* soek vir korterweergawe stories oor vergifnis.)

a) Wat leer ons uit die Onse Vader-gebed waarom ons mekaar behoort te vergewe? (Mat. 6:12).
b) Hoe werk vergifnis, veral in situasies waar ons reken ons te na gekom is?
    i. Kom sulke persone skotvry vir hul verkeerde dade? (Rom. 12:19)
    ii. Hoe kan ons dit regkry om te vergewe? (Mat. 6:12)
    iii. Wat beteken vergifnis in praktyk? Kyk na al die werkwoorde in Luk. 6:27-28.
    iv. Hoe lank is hierdie vergifnis geldig?
c) Kan 'n mens regtig vergewe en vergeet?

4. Samevatting
Jou wrok, die onwilligheid om te vergewe, maak nie die ander persoon seer nie. Jy maak net jouself seer. Vergifnis is moontlik wanneer ons die volgende in gedagte hou:
    a) Eerstens, God vergewe ons. Daarom kan ons ander vergewe.
    b) God sal self die ander persoon straf, indien nodig.
    c) Ons kan net ander mense vergewe as ons eers tot die besef gekom het van ons eie vergifnis op grond van God se liefde en genade.

d) Vergifnis beteken dat ons ons vyande gaan liefhê deur goed te doen aan hulle, hulle in staat gaan stel tot positiewe optrede (seën) en te bid vir hulle.

e) Jesus het vir altyd van ons sonde vergeet. Daarom behoort ons ook ons vyande nie net op parool vry te laat en te wag tot hul weer oortree nie.

f) Vergewe en vergeet is moontlik wanneer ons dit verstaan dat vergeet nie beteken dat ons ons vyande wil terugkry nie. Eerder raak dit nou 'n saak van onthou wat Jesus vir ons gedoen het, en om daarom ook vir hierdie persoon lief te wees.

Vergifnis is moontlik wanneer ons dit vanuit God se krag wil doen.

5. Toepassing

Vergifnis is dikwels wederkerig. Vra dus jouself af: "Wie moet ek vra om my te vergewe?" en "Wie moet ek vergewe?"

6. Gebed:

DANKIE Jesus dat U volkome vergewe het!

7. Onthou:

Die grootste toets vir die liefde is hoe jy optree teenoor iemand wat jou seergemaak het.

WEEK 5

DIE WAT DIEN IS DIE BELANGRIKSTE

"Maar die grootste onder julle moet bereid wees om die ander te dien. Wie hoogmoedig is, sal verneder word, en wie nederig is, sal verhoog word." - **Mat. 23:11-12**

WEEK 5 **(dag 1-29)**

DIE BEGEERTE OM BELANGRIK TE WEES

"Wie hoogmoedig is, sal verneder word, en wie nederig is, sal verhoog word." - Mat 23:12

As jy groot verhoudings wil hê, moenie miskyk wat Jesus oor grootheid gesê het nie: "Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees" (Mark. 10:43). Die verhoudingsbeginsel is: "Die grootstes is die dienaars."

Moet ook nie die sterk verbintenis miskyk wat daar bestaan tussen ons begeerte om groot te wees en ons besluit om in nederigheid te dien nie. Ons kan maklik die fout maak om te dink dat nederigheid beteken dat ons moet voorgee dat ons nie enige begeertes het om groot te wees nie.

Jesus leer ons dat ons begeerte om betekenisvol te wees, vertaal moet word as 'n besluit om te dien. As jy leer om hierdie waarheid deel van jou lewe te maak, sal dit die grootste moontlike verhoudings tot gevolg hê.

Dit was 'n deurlopende tema in Jesus se onderrig dat ware grootheid deur dienslewering verkry word. In elke verhouding het ons met dieselfde toets te doen: Wil ek myself verhoog, of wil ek myself verneder? Nederigheid staan as die kern van enige sterk verhouding. Die waarheid is dat ons nie goeie en groeiende verhoudings kan hê as ons nie nederig is nie.

Dit is nie verkeerd om die begeerte te koester om belangrik te wees nie. Die vraag is eerder die pad wat ons kies om daarby uit te kom. Jesus wys duidelik in sy Woord dat die keuse ons s'n is: "Wie homself ook al verneder, sal verhoog word". Dit is jou keuse hoe jy via jou houding van nederigheid liefde gaan inbring in jou verhouding.

Wees eerlik met jouself:
Is dit nodig dat jy jou begrip oor nederigheid moet verander?

Onthou:
Jesus leer ons om ons begeerte na grootheid in dade van nederigheid om te sit.

Gebed:
DANKIE Jesus, dat U uself verneder het om mens te word, sodat ek daardeur verhoog kon word. Amen.

WEEK 5 **(dag 2-30)**

HOE NEDERIGHEID AMBISIE HANTEER

"Wie homself gering ag soos hierdie kindjie, hy is die belangrikste in die koninkryk van die hemel." – Mat. 18:4

Is dit verkeerd om ambisie te hê? Natuurlik nie. Die Bybel is vol voorbeelde van persone wat groot ambisie gehad het. Dink aan persone soos Abraham wat bereid was om uit die land te trek waarheen God hom sou lei; of Noag wat die ark gebou het waarmee sy familie en die diere gered sou word; of Dawid wat kans gesien het om die reus, Goliat, aan te vat ter wille van die eer van God. En natuurlik Jesus wat mens geword het sodat die hele wêreld gered kon word.

Ons mag (eintlik moet!) ambisie hê:

- God het ons so geskape. Ons is nie geskape om maar net te wees nie. Ons is geskape met 'n wil en ons kan keuses maak (en dus droom!)
- God het aan ons 'n verantwoordelikheid gegee. God het hoë verwagtinge aan die mens gestel sodat ons kan heers oor sy skepping. Liefdevolle verhoudings hierin is onontbeerlik.
- Ons is gemaak om God se beeld in hierdie wêreld uit te dra. Die wêreld moet iets van God se ambisie in ons kan sien.

'n Godgegewe ambisie is 'n ambisie wat by God begin. Dit gaan nie maar net om 'n eie selfsugtige droom nie. Ons deel God se ambisie wat Hy vir ons het. Dit moet dan ook gestalte vind in ons verhouding met ons medemens. Jesus se ambisie van menswording was om die mens met God te versoen. Ons behoort hierdie ambisie voort te sit. Dit kan ons alleen doen wanneer ons in liefdevolle verhoudings met mekaar verkeer – liefdevolle verhoudings wat gegrondves is in God se liefde.

Wees eerlik met jouself:
Is jou ambisie dieselfde as die ambisie wat God vir jou het?
Het jy God al toegelaat om jou ambisie te gebruik vir Hom?

Onthou:
Ware grootheid is om van God afhanklik te wees. Soms gebruik God van ons talente om dit in gawes te ontwikkel.

Gebed:
DANKIE Jesus, dat U my deel van u ambisie gemaak het. Amen.

WEEK 5 **(dag 3 - 31)**

HOE NEDERIGHEID ONS BEHOEFTE HANTEER OM RAAKGESIEN TE WORD

"Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld." – Rom. 12:10

Ons verhoudings is vol van die behoefte om raakgesien te word. Wanneer ons egter die keuse maak om nederig te wees, begin ons die wêreld anders sien. In plaas daarvan om altyd die behoefte te hê om deur ander raakgesien te word, begin jy om ander se behoeftes raak te sien. Jy is nie meer die enigste fokus van jou eie aandag nie. Jy ervaar 'n verfrissende vryheid om die behoeftes wat jy rondom jou opmerk, raak te sien, daaroor besorg te wees en iets daaraan te doen.

Ons behoefte om raakgesien te word, is 'n groot werklikheid. Hoe moet ons maak dat hierdie behoefte eenkant gestoor kan word om op die behoeftes van ander mense te fokus? Die enigste antwoord is: vertrou God dat Hy jou behoefte sal raaksien en daarin sal voorsien. Paulus bevestig dit in Fil. 4:19 – "My God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus".

God gee nie vir ons alles wat ons wil hê nie, maar Hy gee wel alles wat ons nodig het. Vertrou op Hom, selfs wanneer Hy nie gee wat jy wil hê nie. Hierdie vertroue dat God in jou behoeftes sal voorsien, gee vir jou **'n nuwe vryheid** om in staat te wees om ander mense se behoeftes raak te sien en daarin te voorsien.

"Ons het die geleentheid om liefde aan ander te betoon soos Hy ons liefhet, nie in groot dinge nie, maar in klein dingetjies met groot liefde".
(Moeder Teresa)

Wees eerlik met jouself:
In watter oënskynlik klein behoefte van iemand anders kan jy vandag voorsien?

_____

_____

Onthou:
Begin om ander mense se behoeftes raak te sien en iets daaraan te doen – en jou eie behoeftes sal vervul word!

Gebed:
DANKIE Jesus, dat U my grootste behoefte, liefde, raakgesien het. Amen.

WEEK 5 **(dag 4-32)**

HOE NEDERIGHEID ONS NEIGING HANTEER OM TE VERGELYK

"Ons waag dit natuurlik nie om ons op een lyn te stel of te vergelyk met sekere mense wat so 'n danige dink van hulleself het nie. Hulle is dom: hulle meet hulleself aan hulle eie maatstaf en vergelyk hulleself met hulleself." - 2 Kor. 10:12

Dit is 'n natuurlike menslike neiging dat ons onself gedurig met ander mense vergelyk. Ons is gedurig besig om onsself te posisioneer in verhouding tot ander mense. Dit vind plaas in ons gesinne, by die werk en by ons vriende. Ons is gedurig oral besig om te kyk of ons slegter of beter as die ander mense is. Hierdie valstrik van vergelyking kan selfs die beste verhoudings verwoes.

Kry jy dit reg om jouself nederig te hou deur die onbelangrikste plek in te neem? Dit bly een van die lewe se uitdagendste vrae. Die verbasende is dat Jesus nie net gesê het: "Wees tevrede as daardie onbelangrike sitplek aan jou gegee word" nie. Hy het gesê: "Neem die onbelangrikste plek in." Om 'n keuse te maak om die onbelangrikste plek in te neem is iets heel anders as om te verdra dat jy in 'n minder belangrike plek geplaas word.

Heel dikwels vind ons op die plek wat oënskynlik die onbelangrikste is die lewe se grootste seëninge. Die rykste verhoudings, die suiwerste vreugde, die diepsinnigste invloede word dikwels ons deel wanneer ons uit die kalklig is en vry voel om maar net lief te hê en te dien. God se gawes word nie op rakke geplaas waar die een hoër as die ander is nie, maar waar die een onder die ander is, sodat ons kan groei in nederigheid.

God is getrou om diegene te gebruik wat ophou om bekommerd te wees oor wie die grootste is. Hy is in staat om die wêreld te verander deur diegene wat sê: "God, daar waar U my ook al plaas gaan ek 'n verskil in u koninkryk maak".

Wees eerlik met jouself:
Hoe gewillig is jy om die onbelangrikste plek in te neem?
Is jy bereid om jouself en jou hele lewe vir God te gee om 'n verskil te maak?

_____

_____

_____

_____

Onthou:
Jesus wil jou gebruik al is jy, volgens mense, in die onbelangrikste posisie.

Gebed:
DANKIE Jesus, dat U bereid was om die minste te wees deur vir my te sterf. Amen.

WEEK 5 **(dag 5-33)**

HOE NEDERIGHEID ONS VERHOUDING MET GOD BEïNVLOED

"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee." – Mat. 11:28

Ons lewe in 'n tyd van al meer doen-dit-self-praktyke. Hoe meer ons onafhanklik kan werk, hoe beter. Dit is ook dikwels goedkoper en geriefliker om op ons eie te werk. Inteendeel, dit is ook 'n prestasie om daarop te kan roem dat jy dit of dat self gedoen het. Hoe raak so 'n lewensbenadering ons verhouding met God, veral as ons die nederigheidsgesindheid daarby wil betrek?

Wanneer ons onsself wil verhoog, eindig ons dikwels in 'n selfgemaakte ontwerp vir ons verhouding met God. Dis onsself wat die keuse maak. So 'n keuse kan dien as 'n **waarskuwingsteken** en vir ons daarop wys dat ons besig is om van ons afhanklikheid van God na 'n **doen-dit-self-godsdiens** te beweeg:

- Jy begin al hoe meer op jouself vertrou. Die gevoel mag selfs in jou agterkop inkruip dat God gelukkig kan wees om 'n volgeling soos jy te hê.
- Jy begin om ander mense te veroordeel. Wanneer jy gou en maklik in die lokval trap om ander mense te veroordeel, is dit die bewys dat jy besig is om op jouself te vertrou.
- Jy raak tevrede met uiterlike dinge. "Ek vas en ek gee 'n tiende." Natuurlik is daar niks verkeerd met hierdie uiterlike dinge nie; dit is egter al wat van jou godsdiens oor is.

Die oplossing vir die selfdoenlokval is om op God te vertrou. Nederigheid is nie om jou verantwoordelikheid te ontduik om Christus se liefde te gaan uitleef nie. Dit is 'n ander manier om dit juis op te neem. Jy dra Christus se liefde uit vanuit jou dankbaarheid teenoor God vir wat Hy, eerstens, vir jou gedoen het.

Wees eerlik met jouself:
Hoe (nederig) beleef ander jou in terme van jou verhouding met Christus? Hoeveel van ‘n Christusgesindheid sien hulle in jou?

Onthou:
Die groei of kwyn van jou verhouding met Christus is in jou hande. Jyself maak die keuse.

Gebed:
DANKIE Jesus, dat U die weg van nederigheid gekies het om mens te word en te sterf in my plek. Amen.

(dag 6-34)

DIE WINGERDSTOK EN DIE LOTE

“Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.” - Joh 15:5

Ons gedagtewêreld soek ‘n prentjie oor hoe nederigheid en grootheid in dieselfde raamwerk inpas. Jesus het vir ons so ‘n prentjie in Joh. 15 gegee met die beeld van die wingerdstokke en die lote.

Jesus is die wingerdstok. Die wingerdstok trek die lewegewende en vrugdraende krag uit die grond uit en gee dit aan die lote deur. Jy is die loot. Die loot moet in die wingerdstok bly. Jy is van die wingerdstok afhanklik. Die wingerdstok is waar die lewe en groei vrugbaarheid gevind word.

As ‘n loot is dit jou roeping om die verwagtinge wat God vir jou het te vervul, naamlik om vrugte te dra. Die vrugte is om Jesus se liefde uit te dra. Hoe meer jy soos Christus word, hoe meer vrugte sal jy dra. Daar is egter een belangrike waarskuwing:

jy is 'n loot van wie God verwag om vrugte moet dra en om vrugbaar te wees, moet lote gesnoei word. Snoeiwerk maak seer.
Daar is geen snoeiwerk sonder pyn nie. Maar, in die pyn is daar die belofte van meer vrugte – LIEFDE!

Sonder die liefde van Christus kan jy nie vasgeheg bly aan die krag en die teenwoordigheid van Jesus in jou alledaagse lewe nie. Sonder die liefde-inplanting van Jesus kan jy nie die liefdevrug dra nie.

Wees eerlik met jouself:
Waar moet ek nog gesnoei word sodat ek die vrug van ware liefde kan dra?
Vertrou jy God se liefde ten volle in die snoeiproses?

_____

_____

_____

_____

Onthou:
Ek is die loot en Christus is die wingerstok. Saam dra ons die vrug van liefde.

Gebed:
DANKIE Jesus, dat U my die regte voeding gee sodat ek die vrug van liefde kan dra. Amen.



WEEK 5 **(dag 7-35)**

DIE DAAGLIKSE BESLUIT OM NEDERIG TE WEES

"Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee." – Fil. 4:13

Nederigheid is 'n daaglikse vasvra: sal ek myself verhoog, of sal ek nederig wees? As jy nederigheid gaan kies, begin dit oor hoe jy oor nederigheid dink. Baie neem aan dat nederigheid, in die eerste plek, daarmee te doen het oor hoe jy oor jouself dink. Dit is nie waar nie. Jy gaan nie by nederigheid uitkom deur op jouself te fokus nie. Nederigheid het meer te doen met hoe jy oor ander mense dink en hoe jy oor God dink.

Nederigheid is om eerlik te wees oor wie jy is en om eerlik te wees oor wie God is en oor sy krag, sy goedheid en wat Hy in jou lewe kan doen. Sodoende ontdek ons wat nederigheid werklik is:

- Nederigheid is nie om minder van myself te dink nie; dit is om meer van ander mense te dink.
- Nederigheid is nie om myself ondertoe te druk nie; dit is om God te verhoog.
- Nederigheid is nie om my sterk punte te ontken nie; dit is om openlik en eerlik te wees oor my swakhede.
- Nederigheid is om in te sien dat ek sonder Christus niks kan doen nie, maar in Christus tot alles in staat is.

Paulus stel dit baie goed in Fil. 3:2: *"Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself."*
Dit is 'n daaglikse besluit; nie net om nederig te wees nie, maar om die liefde van Christus uit te leef.

Wees eerlik met jouself:
Hoe verstaan jy, of nee, hoe leef jy elke dag jou nederigheid in Christus uit? Leer jy jou kinders van nederigheid?

Onthou:
Moenie probeer om nederig te voel nie, tree nederig op.

Gebed:
DANKIE Jesus, dat U my help om liefde in nederigheid uit te leef. Amen.

GROEPSBYEENKOMS 5

DIE LIEFDE IS ONSELFSUGTIG

"Die liefde […] soek nie sy eie belang nie" – 1 Kor. 13:5

1. Stel belang
a) Het jy die afgelope week die dagstukkies oor oordeel en veroordeling gelees? Wat het dit vir jou beteken?
b) Deel met mekaar jou pad (worsteling) van vergifnis, ná verlede week. Het jy enige vordering gemaak? Wat is vir jou nog moeilik hieromtrent?

2. Inleiding
a) Vind uit wie die jongmens is wat die meeste van lekkergoed hou. Gee 'n pakkie lekkers net vir hom/haar. Vra uit, of dit maklik is om te deel met die ander in die groep of nie.
b) Wat is jou selfsugtigste uur van die week? Wat doen jy as iemand hierop inbreuk maak?
b) Vertel van 'n keer toe iemand jou selfsugtig behandel het? Watter uitwerking het dit op jou gehad? En op jul verhouding?

3. God se Woord
Lees: 1 Kor. 13:5 en Fil. 2: 1-5

*Gebedstyd. Laat elkeen vir die volgende persoon in die kring bid. Hou dit kort en kragtig. Die jongspan kan elkeen 'n lekker iets kry en gesels oor hoe dit voel as hulle uitgesluit word by die skool of in 'n groep geboelie word.

Laat die ouer jongmense leiding neem sodat elkeen ‘n beurt kry om te deel en hulle planne kan maak om die tipe gedrag aan te spreek.

a) Wat word bedoel met die stelling dat liefde onselfsugtig is? Kan dit nie daarop neerkom dat ‘n mens toelaat dat daar oor jou geloop word nie?
b) Watter teenmiddels het gelowiges tot hul beskikking om ‘n verkeerde selfsugtigheid juis teen te werk?

i. Wat word vir ons as teenmiddels volgens Fil. 2:1 aangebied?
ii. Watter gesindheid het dit in ons tot gevolg? (Fil. 2:3)
iii. Watter optrede word as teenmiddel van ons verwag? (Fil. 2:4)
iv. Waar kry ons hierdie voorbeeld (krag) vandaan? (Fil. 2:5)

c) Probeer aan ‘n positiewe woord vir onselfsugtigheid dink.

4. Samevatting

Wanneer julle saam dien, maak julle ‘n verskil aan ander se lewens en kweek julle sterk verhoudings in die groep. Onselfsugtigheid beteken juis nie dat die een persoon oor die ander loop nie. Dit dui eerder op ‘n ingesteldheid om diensbaar te wees tot die voordeel van die groter geheel. Teenmiddels teen onselfsugtigheid is:

a) Die troos wat ons in Christus het. Hy verstaan.
b) Medegelowiges wat ons ondersteun om steeds ander mense eerste te stel.
c) Die Heilige Gees in ons harte versterk ons om Jesusliefde uit te leef.
d) Die onselfsugtige gelowige streef daarna om nederig te wees.
e) Dit maak dat gelowiges ander mense se belange eerste sal stel.
f) In Jesus het ons hierdie voorbeeld en deur Hom is ons ook daartoe in staat.

ONSELFSUGTIGHEID HET TOT GEVOLG DAT DIE GELOWIGE ‘N LEWE VAN DIENSBAARHEID LEI.

5. Toepassing

Ons leef in ‘n ek-behepte samelewing. Onselfsugtigheid dui daarop dat ons op die ander persoon ingestel sal wees en diensbaar sal wees. Dink aan ‘n persoon teenoor wie jy met welwillendheid kan optree.

Let ook op na jou gesprekke met ander mense sodat jy nie onnodig die gesprek na jou gaan swaai nie!

6. Gebed:
DANKIE Jesus dat U nie net aan uself gedink het nie, maar mens geword het ter wille van my!

7. Onthou:
'n Mens kan nie terselfdertyd selfsugtig en liefdevol wees nie.

WEEK 6

BEHANDEL ANDER SOOS JY BEHANDEL WIL WORD

"Behandel ander mense soos julle self behandel wil word," – **Luk. 6:31**

WEEK 6 **(dag 1-36)**

DIE GROOT VRAAG

"Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen." – Mat. 7:12

Die een groot vraag wat daar in elke verhouding gevra word, is: "Hoe word my behoeftes in hierdie verhouding bevredig?". Hoe ons ook al daaroor dink, is dit 'n vraag wat in elke verhouding direk of indirek na vore kom. Ons kan maar so onselfsugtig wees as wat ons wil, maar ons het nog steeds behoeftes.

Wat is die antwoord op hierdie vraag? Dit is dalk die belangrikste vraag wat ons in gedagte moet hou. Die antwoord is: “Ek moet myself daaraan oorgee om eerder in ander mense se behoeftes te voorsien, as wat daar ook in my behoeftes voorsien moet word. Die enigste manier om my selfsugtige behoeftes te bevredig, is om onselfsugtig te raak. Jesus stel dit baie duidelik: “Doen aan ander wat jy graag wil hê aan jou gedoen moet word.”

Daar is ‘n paar verhoudingsreëls wat in hierdie saak in gedagte gehou moet word:

- Wederkerigheidreël. “Wat jy vir my doen, sal ek vir jou doen.” Dit is ‘n baie gewilde reël by baie van ons. Dit lyk op die oog af na ‘n goeie reël, maar ten diepste is dit ‘n selfsugtige reël. Liefde is iets wat ons gee sonder om iets terug te verwag en/of te verdien.
- Weerkaatsreël. “Doen aan iemand soos wat ‘n ander persoon aan jou gedoen het.” Hierdie reël kan ook positief wees, maar tog hou dit groot risiko in. Gestel jy is nie met liefde behandel nie? Jesus gee ons die voorbeeld, dat ons in liefde teenoor mekaar moet optree, ongeag van hoe ons behandel is.
- Verborgemotiefreël. “Ek tree op asof ek dit vir jou doen, maar dit is in werklikheid sodat ek kan kry wat ek wil hê.” Is dit nie ‘n spel wat ons dikwels speel nie? In Jesus se liefde teenoor ons was daar geen onduidelikheid waarom Hy so lief is vir ons dat Hy mens geword het nie!

Wees eerlik met jouself:
In watter behoeftes van ander mense kan jy in jou verhoudings voorsien? Hoe gaan jy dit vandag doen?

_____

_____

_____

_____

Onthou:
Jesus is so lief vir jou dat Hy mens geword het om in jou grootste behoefte te kon voorsien.

Gebed:
DANKIE Jesus, dat U uit ware liefde in my behoeftes voorsien het. Amen.

WEEK 6 **(dag 2-37)**

LIEFDE IS BEREID OM OP TE OFFER

"Wees barmhartig soos julle Vader barmhartig is." – Luk. 6:36

Liefde is nie wederkerig nie; liefde is opofferend. Liefde gee homself sonder om te wag dat ander gee. Die wêreld moet opofferende liefde sien. Die wêreld moet ons as volgelinge van Jesus sien wat in opofferende liefde optree teenoor mekaar, teenoor die wêreld rondom ons en selfs teenoor ons vyande.

Hierdie soort opofferende liefde neem ons verantwoordelikheid na 'n heel nuwe vlak. My verhouding met ander mense word gevorm nie slegs deur wat ek wil hê nie, maar deur die voorbeeld wat God voorsien. Ek moenie nadink oor hoe ek behandel sal word nie; ek moet ook kyk na hoe God mense behandel! Dit vra 'n stap in die regte rigting, 'n doelbewuste besluit om teenoor ander mense op te tree soos God teenoor my optree.

Ons kan nie hierdie liefde vanuit onsself leef nie. Jesus voorsien die oop deur om 'n begin te maak, en Hy sal die krag voorsien om jou dwarsdeur jou hele lewensreis aan die gang te hou. Jesus kan (en wil!) jou die krag gee om te doen wat Hy ons geleer het om te doen. Die vraag is of ons by Hom gaan aanmeld om sy opofferende liefde te gaan uitleef.

Die besluit lê by ons of ons die eerste tree gaan gee. Jesus het reeds die eerste tree gegee toe Hy mens geword het. Hy het ter wille van jou gesterf. Hy het Satan oorwin. Sy liefde vir jou is onomwonde bewys. Nou is dit jou keuse. God se liefde is groter is al jou vrese.

As jy nooit die eerste tree gee nie, sal jy nooit ervaar hoeveel groter sy liefde regtig is nie.

Wees eerlik met jouself:
Wat is daar wat keer dat jy nog nie daardie eerste tree in 'n spesifieke verhouding gegee het nie?
Is daar iets in jou wat nog moet verander?

_____

_____

_____

_____

Onthou:
Jesus het sy liefde reeds aan jou bewys. Nou is dit jou beurt.

Gebed:
DANKIE Jesus, dat ek nooit hoef te twyfel oor u opofferende liefde vir my nie. Amen.

WEEK 6 **(dag 3-38)**

OM JOU VYANDE LIEF TE HÊ

"God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons sondaars was." – Rom. 5:8

Die eerste en grootste gebod is om God lief te hê. Die tweede gebod is om jou naaste lief te hê. Die nuwe gebod is om mekaar lief te hê en die goue reël is om jou vyande lief te hê. God, naaste, mekaar, vyande – dit dek almal! As jy net in liefde optree teenoor diegene wat dieselfde vir jou doen, doen jy regtig niks buitengewoon nie. Die toets kom of ons werklik vir elkeen, ook vyande, lief kan wees. Is dit nie wat Jesus op aarde kom doen het nie?

Om jou vyande lief te hê, verbreed werklik die trefwydte van jou liefde. Dit beteken nie dat ons moet saamstem en van alles hou wat ons vyande doen nie. Dit gaan om die persoon en nie die daad nie. Die kern van die saak bly dat ons hulle sal behandel soos wat ons behandel wil word. Jesus daag ons uit om ander mense te behandel soos wat ons graag self behandel wil word.

Verhoudings verloop dikwels nie soos ons wil hê dit moet gebeur nie. Jesus se manier om verkeerde dinge reg te stel, is nie om uit wraak op te tree nie. Hy antwoord eerder met 'n optrede van liefde. Jesus maak dit hierdeur vir ons duidelik dat ons selfs met ons vyand 'n verhouding het. Hy leer ons dat die enigste manier om die vyand aan ons kant te kry, is om goed te doen en dat dit die enigste manier is waarop ons in 'n moeilike situasie ook ons geestelike waarde sal behou.

Jesus daag ons uit: Begin vandag nog met een (vyandige) verhouding en een besluit.

Wees eerlik met jouself:
Vra jy van God krag en leiding om jou moeilike, vyandige verhoudings te hanteer?
Het jy al daardie persoon (of jouself) vergewe?

_____

_____

_____

_____

Onthou:
Jesus leer ons dat ons met antwoorde van liefde soveel meer kan bereik.

Gebed:
DANKIE Jesus, dat U altyd, ongeag my houding, in liefde na my uitreik.
Amen.

WEEK 6 **(dag 4-39)**

HANTEER VAN DIE IDEAAL, HANTEER DIE WERKLIKHEID

"*Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen.*" – Rom. 12:1

Ons versoeking om vas te klou aan 'n geïdealiseerde prentjie van verhoudings kan ons maklik daarvan weerhou om egte vreugde in 'n verhouding te ervaar. Die doel van die liefde is nie een of ander valse ideaal wat ons in ons gedagtes opgetower het nie. Die doel van die liefde is om God te sien werk in en deur jou werklike lewe.

God daag jou uit: neem die enigste lewe wat jy het – jou gewone, werklike lewe – en gee dit vir God. Die valse droomwêreld wat ons in ons gedagtes opgebou het, hou ons van die werklikheid af weg.

Ons is geneig om 'n afgod van die ideaal te maak. Ons kry in ons gedagtes 'n volmaakte beeld van hoe dinge behoort te wees en fokus eintlik net daarop. Dit hou ons weg van die werklikheid. Hierdie afgod weerhou ons daarvan om die klein veranderinkies te maak wat 'n groot verskil in ons verhoudings kan meebring.

Die omstandighede van jou lewe mag dalk nie volmaak wees nie. Jy self is ook nie volmaak nie. Die mense wat jy liefhet is nie volmaak nie. God is egter volmaak. In plaas daarvan om die onvolmaaktheid te verander, kies om te fokus daarop om die Een wat volmaak is te prys en te dien.

Dan, versterk deur daardie lofprysing, kies ons om werklik lief te hê.

Wees eerlik met jouself:
Aan watter onrealistiese droombeeld hou jy vas?

_____

_____

Met watter werklikheid in jou verhoudings wil jy jouself nog nie vereenselwig nie?

_____

_____

Onthou:
Jesus, as die Volmaakte, verwag nie van jou om volmaak te wees nie.

Gebed:
DANKIE Jesus, dat U my onvolmaaktheid verstaan en steeds liefhet. Amen.

WEEK 6 **(dag 5-40)**

JESUS SE BEGINSELS OOR VERHOUDINGS

"Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het." - 1 Joh. 4:19

Ons het aan die einde van 40 dae se nadink oor liefde en verhoudings gekom. Daar mag dalk verskillende gedagtes oor liefde, emosies en oor verhoudings by ons opkom.

Dit is egter belangriker dat ons nou vorentoe sal kyk. Die 40 dae mag verby wees, maar Jesus se liefde vir jou en my sal egter nooit verbygaan nie.

Die kritiese vraag vir ons elkeen is: Wat gaan nou van ons word, van ons liefde en van ons verhoudings? Is dit ook 'n afgemete tydperk wat aan sy einde kom? Of is dit 'n nuwe lewenswyse waarvan ons gaan poog om nie weer af te wyk nie?

Jesus het nie net gepraat oor liefde nie. Hy het liefde geleef en selfs gesterf vir jou en my.

Jesus het ons hierdeur gewys van watter liefde Hy werklik praat; die liefde wat die allerbeste gawe is (1 Kor. 13).

Dit is ‘n gawe wat vir ons elkeen gegee word. Ons het die geleentheid om hierdie gawe te gaan uitleef en met ander mense te deel.

Miskien moet ons minder oor verhoudings en liefde praat. Meer belangrik is dat ons verhoudings met ander mense sal begin aanknoop. Die belangrike van hierdie verhoudings is dat hulle sal groei op die basis van liefde, die liefde van Jesus.

Wees eerlik met jouself:
Praat jy nog net oor liefde en verhoudings en hoe dit volgens die Bybel moet wees?
Of het Bybelse beginsels van liefde en verhoudings ‘n lewenswyse by jou geword?

_____

_____

_____

_____

Onthou:
Jesus is lief vir jou! Hy gee sy liefde vir jou sodat jy dit kan gaan uitleef aan die hele wêreld.

Gebed:
DANKIE Jesus dat U u volmaakte liefde met my deel sodat ek dit met ander mense kan gaan deel. Amen.

GROEPSBYEENKOMS 6

DIE GEWOONTES VAN DIE LIEFDE

"Die liefde […] bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles"
– 1 Kor 13:7



1. Stel belang

a) Wat beteken dit vir jou om werklik diensbaar te wees?

b) Deel met mekaar hoe jy prakties na iemand uitgereik het en jouself diensbaar gestel het? Wat was die reaksie by daardie persoon?

2. Inleiding

a) Spesiaal vir die jongspan: Wie is jou gunsteling persoon? Wie is jou minste gunsteling persoon? Hoe hanteer jy hulle verskillend? Hoe hanteer jy hulle dieselfde?

b) Aan watter gewoontes van 'n liefdevolle hart moet jy liggaamlik, emosioneel of geestelik die hartste werk?

c) Hoe herlaai jy wanneer jy uitgeput of afgemat voel?

3. God se Woord

Lees: 1 Kor. 13:1-13

*Gebedstyd Hou hande en bid saam. God bind ons saam deur die liefde.

(Laat die jongspan 'n plakkaat maak wat hulle Sondag vir die kerk kan kom wys oor hoe om mekaar lief te hê. Dit kan op papier of elektronies wees. Onthou om dit na die kerkkantoor te e-pos of te Whatsapp of saam te vat Sondag.)

a) 1 Kor. 13 vertel van die allerbeste gawe wat Jesus aan ons elkeen bied. Gawes is daar om ons te help om sinvol en tot eer van God te leef.

Kyk na die volgende indelings van 1 Kor. 13 en probeer dit saamvat in een of ander goeie gewoonte:

i. Verse 1-3
ii. Verse 4-7
iii. Verse 8-11
iv. Verse 12-13

b) Doen ook dieselfde met die vier werkwoorde in I Kor. 13:7

i. Bedek
ii. Glo
iii. Hoop
iv. Verdra.

c) Wat leer ons hieruit oor liefde as 'n gewoonte?

_____

_____

4. Samevatting

1 Kor. 13 kan saamgevat word as liefde wat 'n goeie gewoonte en 'n lewenstyl in elke gelowige se lewe geword het.

a) Die indeling van die hoofstuk dui daarop dat dit ons hele lewe soos volg raak:

i. Gedrag of optrede – alles wat ons doen
ii. Ons gesindheid en houding teenoor ander mense
iii. Perspektief op die lewe – hoe God wil dat ons na ons wêreld kyk.
iv. Ons toekomsverwagting – dit waarvoor ons leef.

b) Vers 7 help ons ook hoe om na ons omstandighede te kyk:

i. Bedek – onderskei tussen dit wat werklik saak maak.
ii. Glo in die menslikonmoontlike
iii. Hoop op dit wat nog nie is nie, maar gaan kom
iv. Verdra – weet dit gaan om meer as jy self.

Die allerbeste gawe, die liefde, dui op die lewenstyl van elke gelowige.

LEEF DIT VOLUIT!

5. Toepassing
Die doel van die liefde is nie ‘n onbereikbare ideaal nie. Die doel van die liefde is om dit in ons lewe aan die werk te sien: “Laat staan die ideaal en maak dit ‘n werklikheid.”

6. Gebed:
DANKIE Jesus dat U dit deel van u lewe gemaak het om die allerbeste gawe, die liefde, ook vir ons te gee!

7. Onthou:
Liefde kan net werk as ons aanhou werk daaraan. Geniet dit!

notas


ONBEPERKTE LIEFDE
verhoudings
Jesus liefde
kommunikeer
oordeel
dien
behandel